Laat ons maar eerlik wees en erken, ons doen dit nie. Miskien sal iemand opmerk dat dit dikwels so moeilik is om elke dag en elk oomblik van ons lewe met die Heer te lewe. Die omstandighede en die mense met wie ons moet omgaan maak dit soms vir ons onmoontlik.

Broeder of suster, denk aan Henog. In sy dae het mense geleef wat maar min of niks gegly het nie. Een van sy tydgenote was Lameg, 'n ruwe man, wat tot sy twee vroue, Ada en Silla gesê het, — „Voorwaar ek slaan

'n man dood wat my wond, en 'n seun wat my kwes, want Kain sal sewemaal gewreek word, maar.Lameg sewe en sewentigmaal."

Te midde van sulke ruwe, haatdraende en goddelose familielede het Henog drie honderd jaar met God gewandel. Met die Psalmdigter het Henog kan uitroep:

„Zoo ik niet had geloofd dat in dit leven,
„Mijn ziel Gods hulp en gunst genieten zou,
„Mijn God waar was mijn hoop, mijn moed gebleven
„Ik was vergaan in al mijn smart en rouw."

Ons geloof kan ook so beproef word as die geloof van Henog. Ons omgewing en ons eie familie kan ons teenwerk, of bespot of vyandig wees. Tog moet ons getrou bly. So eensaam as Henog staan ons nie in die wêreld nie. Daar is altyd gelowiges om ons heen, wat met ons meevoel en ons ondersteun deur voorbeeld en gebed. As Henog getrou gebly het, dan kan ons dit ook doen.

Wat Henog so bekend gemaak het, was nie sy wandel met God nie, maar sy wegneming van die aarde, sonder dat hy gesterf het. Dit was 'n groot wonder. Ons vind dit die vernaamste in die lewe van Henog. Maar die Heer het anders geoordeel. By die Heer was die geloof van Henog die vernaamste. Daardeur het God hom die doodstryd gespaar en hom uit die aardse lewe dadelik oorgeplant in die hemelse heerlikheid, soos ons lees in die Brief aan die Hebreërs: „Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie, want voor sy wegneming, het hy getuienis ontvang, dat hij God behaag het."

Henog is vir ons 'n belofte. As ons hier op aarde wandel met die Heer, dan sal ons eenmaal saam met Hom wees in die hemelse paradys.

Die Heer Jesus het gesê: „Ek is die lig van die wêreld, wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê." (Joh. 8:12).

Vir die Heer was die geloof van Henog die vernaamste, vir ons die wonderbaarlike wegneming van die aarde en tog Broeder of Suster is daar iets anders in die lewe van Henog wat baie vernamer is, n.l. dit, dat God met Henog gewandel het.

Ja dit is die heerlikste boodskap uit die geskiedenis van Henog. Nie dat Henog met God gewandel het nie, maar dat God met Henog gewandel het, dat die ewige God Hom neergebuig het om met 'n nietige sondige mens om te gaan as met 'n vriend.

Net soos tot Henog kom God tot ons. In Jesus Christus het God ons 'n Broeder geword, ja in alles ons gelyk geword, behalwe die sonde, om met ons om te gaan as met 'n vriend.

Broeder of Suster, ons is almal op reis na die ewigheid. Wandel ons alleen of gaan iemand met ons saam?

Eenmaal moet ons almal sterwe. Het u al nagedink wat die mense later van ons sal sê? Sal van ons alleen kan vertel word, hoe oud ons geword het en hoeveel kinders ons gehad het, of sal van ons ook kan gesê word: „Hierdie Broeder of Suster het met God gewandel!"

Wij willen needrig Gode leven,
U volgen waar Gij ons geleidt
Ons U geheel ten offer geven
Met nooit volbrachte dankbaarheid
Getrouwe Leidsman, sla ons gade
Voleinder! laat door uwe kracht,
Het heerlijk werk van Gods genade
In ons ook eenmaal zijn volbracht.

AMEN.



JOHANNA CHRISTINA CRONJE,
geb. Geldenhuis, geb. 22 Des. 1814, oorl. 15 Julie 1878. Een van hulle kinders was die latere genl. Piet Cronje.



ANDRIES PETRUS CRONJE,
geb. 7 April 1811, oorlede 19 September 1882. Hy was jare lang ouderling van Potchefstroom.

DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS.

In die vyftiende vraag en antwoord leer die Heidelbergse Kategismus, dat Christus tegelyk waaragtig God is, en waaragtig mens. Hierdie twee nature van Christus en hulle verhouding tot mekaar sal altyd vir ons in hierdie bedeling iets onbegrypeliks bly, en as ons nagaan, hoedat die ou Kerk hierdie leerstellinge vasgestel het, sien ons die onmag van die mens om hierdie verborgenheid te wil formuleer. Ons volk is wel nie so 'n teologiserende volk nie, iets wat sy voordele het sowel as sy nadele, maar ons behoort tog min of meer op die hoogte te wees met die grondleerstellinge van ons kerk as ook met die geskiedenis van die leerstellinge, want dit leer ons om ootmoedig te wees, om ons eie beperkheid te besef; dit leer ons in stille berusting te swyg, as ons staan voor die verborgenhede Gods, en sal ons menig maal verhinder om nie te doen soos Prins Maurits in die begin van die sewentiende eeu, wat gesê het, dat hy nie weet of die leer van die uitverkiesing groen of geel is nie, maar nogtans hom daarmee ingelaat het. In die geskiedenis van die ontstaan en die groei van ons leerstellinge sien ons die menslike onmag om die Almagtige te omvat of te begryp, soos artikel I van die Nederlandse Geloofsbelydenis begin om uit te spreek; ons leer om met Elihu te sê: „Die Almagtige — ons vind Hom nie" (Job 37 vs. 23), en met dieselfde Elihu „God is groot en onbegrypelik vir ons" (Job 36 vs. 26).

Christus het twee nature, 'n goddelike natuur en 'n menslike natuur. Maar wie sal die twee nature omskryf? Wie sal die verhouding van die twee nature tot mekaar uiteenset? Niemand kan dit doen nie, ook nie die mense nie, wat hulle aanmatig, dat hulle dit wel kan doen. Die geskiedenis van die ontstaan van hierdie leerstukke laat ons dit reeds duidelik sien. Dit was Algemene Konsilies, d.i. Algemene Synodes, ons sal sê, Algemene Kerkver-

gaderinge, wat hierdie leerstellinge vasgestel het. Die eerste Algemene Konsilie werd in die jaar 325 te Nicea gehou; die tweede in die jaar 381 te Konstantinopel; die derde in die jaar 431 te Efese, en die vierde in die jaar 451 te Chalcedon. Die vyfde Algemene Konsilie werd in die jaar 553 te Konstantinopel gehou, en die sesde in die jare 680-681 eweeens te Konstantinopel. In die dae was Konstantinopel die hoofstad van die keiserryk, en as ons die kaart nasien dan val dit ons op, dat al hierdie Konsilies in Konstantinopel gehou is, of in stede wat dig by gelê het. Van sommige kan ons sê dat dit onder die rook van Konstantinopel was. Dit was in die dae nie die Pous van Rome nie, dog die Romeinse Keiser, wat die verrigtinge van die Konsilies in sy hand gehad het, en die Biskoppe gedikteer het. Dit is begryplik. Op die ou Konsilies werd soms verbasend getwis, so, dat die Biskoppe mekaar partykeer met die vuis geslaan het. Die Keiser wou dan ook alleen 'n Konsilie toestaan, as hy dit helemaal in sy mag had om die Biskoppe en andere afgevaardigdes te oorheers. Sulke twiste kon bedenkelik word vir die inwendige vrede en eensgesindheid van die Ryk, wat uit tal van volke bestaan het. Dit was die Keiser in die eerste plek te doen om die vrede in die Ryk te bewaar, en die moontlikheid van 'n skeuring te voorkom.

Die Kerkhervormers het alleen die resultate van die eerste vier Konsilies aangeneem, en dit nog maar gedeeltelik, want op die Konsilies werd oor allerhande dinge gehandel en verskillende soorte van besluite geneem en reëls opgestel, waar die Hervormers beslis niks van wou weet nie. Die Skrif was vir hulle nommer een, soos ook in Artikel VII van die Nederl. Geloofsbelydenis bepaal word, dat mens nooit die besluite van 'n Konsilie met die Skrif mag gelykstel nie. Wat die leerstellinge van die twee nature van Christus aanbetref, werd wel die bepalinge van die genoemde vier Konsilies aanvaar, en daarom wil ons hier kortliks 'n beknopte oorsig daarvan gee.

Die groot vraag in die derde eeu was, wat die verhouding van die Soon tot die Vader was. Christus is die Soon van God, maar hoe? Was hy ook God, en indien

wel, was daar twee Gode, of was Hy as Soon ondergeskik aan God die Vader? Verskillende teologe het hierdie laaste beskouing geleer, maar die Kerk het dit tog nie aanvaar nie. Die vraag het akuut geword, toe Arius, 'n priester te Alexandrië, begin te leer het, dat die Soon wel God is, maar aan die Vader ondergeskik was, omdat die Vader Hom in 'n moment in die ewigheid nog vóór die skepping gemaak het. Christus was dus 'n skepsel, wat tot die rang van die Godheid verhoog is. Voordat die Vader Hom geskep het, was die Vader alleen en sonder die Soon. Hierdie beskouing, wat 'n poging was om die verhouding van die Vader tot die Soon te verklaar, het die waaragtige Godheid van die Soon gelogen. Arius het hom aan die selfde dwaling skuldig gemaak as die hedendaagse Spiritiste, deur die grense van die tyd te wil uitrek tot in die ewigheid toe. Die Spiritiste doen dit wat die toekoms aangaat. Die woorde van Openbaring 10 vers 6, „dat er geen tyd meer sal wees nie," ken hulle nie. Die ewigheid is vir hulle 'n voortsetting van die tyd, alleen maar in 'n ander orde van dinge, maar tog 'n voortsetting van die tyd. So het Arius die tyd weer nie met die skepping laat aanvang nie, maar vóór die skepping van die wêreld, en wel met die Skepping van die Soon!

Die leer van Arius werd in die jaar 325 veroordeel op die Konsilie, wat toe in Nicea gehou werd. Die Kerk het die ewige Godheid van die Soon bely, 'n belydenis, wat vandag ook nog ons belydenis is.

Maar as Christus se Godheid bely word, wat dan van Sy mensheid? Was Hy dan nie ook mens nie? Vroeër was daar ketters wat beweer het, dat Christus op aarde maar 'n skynliggaam had. Deur die opvatting werd te kort gedaan aan die betekenis van Sy lyde en sterwe, want as Hy slegs 'n skynliggaam had, dan was Sy lyde en sterwe ook slegs skyn. Johannes veroordeel reeds hierdie kettery in sy eerste Sendbrief hoofstuk 4 vers 3, „alle gees wat nie bely, dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie." Maar hoe moet dan Sy mensheid opgevat word? Apollinaris, biskop te Laodicea, 'n stad waarvan ons in Openbaring 3 vs. 14—21 lees, het

gemeen om hierop 'n antwoord te kon gee. Die antwoord was, dat waar 'n mens, volgens sy opvatting, 'n sterflike liggaam, 'n sterflike siel en 'n onsterflike gees het, daar had Christus 'n menslike liggaam en 'n menslike siel, dog die plek van die onsterflike gees werd deur die ewige Logos, die Woord, ingeneem. Met die opvatting werd die waaragtige mensheid van Christus feitlik gelogen, en daarom het die Kerk dan ook op die tweede algemene Konsilie, gehou in 381 te Konstantinopel, die leer van Apollinaris as kettery veroordeel.

Die Kerk het dus uitgespreek, dat sy die waaragtige Godheid van Christus sowel as Sy waaragtige mensheid bely, dus die goddelike natuur en die menslike natuur. Maar nou was die vraag weer, wat tog die verhouding van die twee nature tot mekaar is. Nestorius, Patriarg van Konstantinopel, was die belydenis van die twee nature van Christus van harte toegedaan, maar het dit in sy opvatting so los naas mekaar geplaas, dat dit geen lewende en persoonlike vereniging was nie. Christus was dus 'n tweeheid, 'n dubbel persoon. Waar die Kerk van Maria gepraat het as van die „Moeder Gods," daar wou Nestorius Maria hoogstens „Moeder van Christus" noem, en hierin is die Protestantse opvatting dit met hom eens. Ons praat ook nie van Maria as van die „Moeder Gods" nie. Dit neem egter nie weg nie, dat die skeiding van die twee nature van Christus hoogs bedenklik was, en Sy heele persoonlikheid as 'n eenheid laat wegval het. Daarom het die derde algemene Konsilie in 431 te Efese, die Nestoriaanse opvatting as kettery veroordeel. Dus, die Kerk het bely, dat Christus 'n goddelike en 'n menslike natuur het, wat egter nie van mekaar geskei mag word nie. Eutyches, 'n priester te Konstantinopel, het in die eenheid van die twee nature 'n ineensmelting gesien. Hy het dit so met mekaar verenig, dat die onderskeid daartussen weggeval het. Waar die Kerk 'n benaming as „Moeder Gods" vir Maria toegelaat het, daar het Eutyches en sy aanhangers uitdrukkinge gebruik as „God werd gebore," „God het gely," „God het gesterf" ens. Sulke uitdrukkinge was seker toelaatbaar, as die benaming „Moeder

Gods" vir Maria gehandhaaf moes word. Ons voel, sulke uitdrukkinge is egter onbybels, en die vierde algemene Konsilie, gehou in 451 te Chalcedon, het gelyk gehad, toe die leer van Eutyches veroordeel werd. Die twee nature van Christus mag nie van mekaar losgeskeur word nie, maar ook nie met mekaar vermeng word nie.

Met Chalcedon hou feitlik die ontwikkeling van die Christologie op, en die Hervormers het die resultate tot op Chalcedon aanvaar. Hierna was daar nog twee algemene Konsilies, die van 553 te Konstantinopel en van 680 te Konstantinopel, waar oor die Christologiese vraagstuk gehandel werd. Die leer van die monophysiete wat onder verkapte vorm die Eutychiaanse kettery bevat het, en verklaar het dat Christus maar één samegestelde natuur had, werd op die Konsilies veroordeel, sowel as die leer van die monotheletisme, wat aan Christus maar één wil toegeskryf het. Die ortodokse kerk het volgehou, dat die wil 'n eienskap van die natuur is, en dat Christus dus, waar Hy twee nature het, 'n goddelike en 'n menslike natuur, Hy ook twee wille het, 'n goddelike en 'n menslike wil.

Uit dit alles sien ons, hoedat die Kerk nie by magte was nie, om die persoon van Christus te omskrywe. Nooit sal die Kerk dit ook kan doen nie. Hy die Soon van die lewende God! Hoe sal ons Hom verklaar! Ons is vir onsself 'n raaisel, ons is vir onsself onverklaarbaar, ondeurgrondelik, en hoe sal ons Hom verklaar of deurgrond! Die Heidelbergse Kategismus sê in vraag 47, dat Christus naar sy menslike natuur nie meer op aarde is nie, maar in die hemel is, waarheen Hy opgevaar het, dog naar Sy Godheid wyk Hy nimmermeer van ons; en ons State Bybel sê in die kanttekening op Markus 13 vers 32, dat Christus naar Sy menslike natuur, toe dit op aarde was in die staat van vernedering, Sy eie wederkoms nie geweet het nie, dog naar Sy Goddelike natuur het Hy alles geweet; eers na Sy hemelvaart is Hom die boek van die voorsienigheid Gods, wat met sewe seëls verseël is, nader geopen (Openbaring 5 vs. 5, 6 en 7) en eers van toe af het Hy dus naar Sy menslike natuur ook alles geweet.

Die verhouding van die twee nature van Christus tot mekaar sal 'n verborgenheid vir ons op aarde bly. En tog, dit het twiste en verdeeldhede teweeg gebring, waar dit nie nodig was nie. Dit was die geskilpunt, wat Luther en Calvyn verdeel het, en van mekaar verwyder het. Luther het gemeen, dat Christus naar Sy menslike natuur ook alwetend was, en ook als mens alomteenwoordig was. In sy beskouing oor die Avondmaal het dit viral uitgekom. Christus is naar Sy menslike natuur alomteënwoordig, en daarom is Sy liggaam in die brood en wyn dan ook werklik aanwesig. Die brood en die wyn verander nie in Sy vlees en bloed nie by die Avondmaal; nee, dit bly brood en wyn, maar die vlees en bloed van Christus is bedektelik daarin aanwesig, ons sien dit net nie, net soos die swaard, wat in die skede is, tog daar is, en al sien mens dit nie, dit is tog bedektelik in die skede aanwesig. Ja, toe Christus in die kribbe gelê het as suigling was Hy tog as mens ook alomteenwoordig. Luther het so vergegaan om te sê, dat die mense, wat nie aan die alomteënwoordigheid van die mensheid van Christus glo nie, hulle dan ook nie met teologiese onderwerpe moes besig hou nie, maar liewer agter die vuurherd moes sit en pere braai.

Calvyn en Zwingli het 'n ander opvatting oor die Avondmaal. Die alwetendheid en die alomteënwoordigheid van die menslike natuur van Christus is nie aanvaar nie. In Sy vernedering het Hy as mens nog nie 'n blik gewerp in die boek, wat met sewe seëls gesluit was, dit het eers na Sy verhoging gebeur, soos die State Bybel aanteken by Markus 13 vers 32. Naar Sy menslike natuur was en is Hy nie oral aanwesig nie, en daarom kan Sy ware vlees en bloed ook nie onder die gedaante van brood en wyn by die Avondmaal aanwesig wees nie. Hierdie verskil in opvatting van die Avondmaal het veroorsaak, dat die volgelinge van Luther en Calvyn in twee groot groepe uiteen gegaan het, as Lutherse en Calvinistiese Kerke. Soos bo gesê, word in ons Heidelbergse Kategismus in vraag 47 die standpunt van Calvyn in sake nie die al of nie aanwesigheid van die menslike natuur van Christus gehandhaaf, deur te sê, dat Christus naar Sy menslike

natuur in die hemel is, dog naar Sy Godheid nimmermeer van ons wyk.

Die verhouding van die twee nature van Christus tot mekaar bly vir ons 'n verborgenheid, 'n geheimnis, 'n mysterie, wat ons in hierdie lewe nie sal kan verstaan nie, trots alle poginge om dit te wil verklaar. Laat ons liewer met 'n Thomas die hoof buig en uitroep: „My Heer en my God!"

S. P. E.

Wat stof tot zielsverblijden,
Hoe zalig is 't en goed,
Dat 'k in uw bitter lijden
Mijn redding vinden moet!
O, mocht ik U, mijn Leven,
Daar 'k bij uw kruishout kniel,
Mij zelf ten offer geven:
Wat winste deed mijn ziel!

Als 'k eens van d' aarde scheide,
Och, wijk dan niet van mij!
Als ik den doodssnik beide
Och sta dan aan mijn zij!
En word mijn strijd het bangste,
Laat dan in angst en pijn
Uw doorgeworsteld' angste
Mij tot vertroosting zijn!

Verschijn dan aan mijn sponde,
Schenk laaf'nis in mijn nood!
Wijs m'in mijn laatste stonde
Op uw verzoeningsdood!
'k Houd dan in stervenssmarte
Den blik naar 't kruis gericht,
En klem dat vast aan 't harte:
Zóó valt het sterven licht!

Ds. L. G. F. Biccard en sy eggenote, mev. M. M. Biccard, geb. Albasini.

GERTINA MARIA ALBASINI, GEB. JANSEN VAN RENSBURG.

Hierdie stoere Voortrekker-vrou is in Junie 1832 in Grahamstad se distrik gebore. As kind het sy die Trek meegemaak en was aanwesig in die slag teen die hordes van Dingaan waar haar familie, die Van Rensburgs, in 1838 op 'n kop vasgekeer was en byna uitgemoor is.

President W. C. Jansen van Rensburg was 'n oom van haar. In latere jare is sy op Ohrigstad met die bekende Joa Albasini getroud, en na die verlating van hierdie dorp het sy en haar man na Zoutpansberg getrek. Een van haar dogters is getroud met ds. L. G. F. Biccard wat predikant in Zoutpansberg was. Haar man was konsul van Portugal en is in 1888 oorlede. Sy self is op 10 Julie 1906 op Pietersburg in die huis van mevrou Biccard gestorwe.

S.P.E.

JUSTIFICATIO IMPII.

Die justificatio (=regverdigmaking) is genoem die kern van die Protestantse belydenis, die artikel waarby die kerk staan of val. Hierdie leer is bely deur profete en apostels. Die bekende woord uit Hábakuk (2:4) dat die regverdige deur sy geloof sal lewe, is dan ook die grondtoon van die leer van die apostels, in besonder van Paulus. Vgl. ook Daniel 9:18.

Hierdie leer het egter verlore gegaan in die prediking van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Die weg daartoe is vir hulle voorberei deur Esra en Nehemia, wat die wet sterk beklemtoon het. Die verhouding tussen God en mens is vir hulle vasgelê in die wet. Dié moet in alle vrae geraadpleeg word en gevolglik bly daar weinig of geen ruimte oor vir die profete nie. Weldra het die skrifgeleerdes hulle plek ingeneem.[1])

In hulle prediking en in dié van die Fariseërs het die wetsprediking die leer van die regverdigmaking uit genade deur die geloof verdring. Die godsdiens is almeer veruitwendig, 'n godsdiens van wette, gebooie en verbooie. Jesaja (27: 10, 13) noem dit: gebod op gebod, reël op reël. Jesus klae oor die gebooie van mense deur die Fariseërs en skrifgeleerdes opgelê (Mattheus 15: 9), wat 'n las geword het swaar om te dra. Paulus noem dit gebooie en leringe van mense, 'n raak nie, smaak nie, roer nie aan nie. (Kolos 2: 21 en 22).

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het die wet onderhou, op die vervulling daarvan hulle regverdiging gebou en almal verag wat die wet nie hou nie. Onder die wat salig sal word het hulle hulself eerste gereken en wel op grond van hulle wetsvervulling, hulle goeie werke. Die genade prediking het soek geraak by hulle. Dit het plek gemaak vir verdienste-prediking. Nie op grond van die genade

[1]) „Ezra en Nehemia" in Tekst en Uitleg deur A. van Selms. bl. 24.

van God in eerste instansie word 'n mens salig nie, maar op grond van sy voortreflikheid, sy onberispelikheid in die vervulling van wette en gebooie.

As Jesus in die huis van Levi, die tollenaar, aansit saam met baie tollenaars en sondaars, dan kan die skrifgeleerdes en Fariseërs dit nie goedkeur nie en dan vra hulle aan sy dissipels hoe dit tog moontlik is dat hulle Meester dit doen. Waarom het Hy omgang met mense wat die wet nie hou nie? Dit doen hulle nie. In eie oog is hulle te regverdig en te goed en te vroom om met tollenaars en sondaars saam aan een tafel te sit. Ja, hulle dank God dat hulle nie soos daardie klas van mense is nie.

Hierteenoor stel Jesus sy genadeprediking. Hy het nie gekom om regverdiges nie, maar om sondaars te roep tot bekering (Markus 2: 17). En van die tollenaar, wat nie gedurf het om nader te kom nie, maar ver af gestaan het om te bid, sê Hy dat hy regverdig na sy huis gegaan het eerder as die eie-geregtige Fariseër. Wat Hom verwyt word: „Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle," is sy hoogste eer. Hy het immers gekom om die afgedwaaldes te soek en die genade van sy vader te verkondig aan die verlorenes.

Die Judaïste in die dae van die apostels het die wetsprediking, wat so goed aansluit by die trotsheid van die natuurlike hart van die mens, voortgesit. Die mens wil, ook wat die redding van sy lewe betref, so graag die eer aan homself hou. Met Nebukadnesar wil die mens graag roem op wat *hyself* gedoen het: „Is dit nie die groot Babilon wat EK gebou het nie?" Kom die eer vir die wonderlike verlossing van my siel nie vir 'n groot of vir die grootste mate *my* toe nie? Is dit nie omdat *ek* so voortreflik lewe, so vroom is, so pligsgetrou is nie?

Maar die genade-prediking van die profete en van Jesus is óók voortgesit. Paulus veral het in sy stryd teen die Judaïste, die wetsmense van sy tyd, baie nadruk gelê op die genade-verkondiging. Keer op keer beklemtoon hy dit dat uit die werke van die wet geen vlees voor God regverdig sal word nie, maar dat die mens verniet geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

(Romeine 3: 20, 21, 24, 28; 10: 3; Efesiërs 2: 5, 8, 9.). „Julle wat geregverdig wil wees deur die wet," so skryf hy, „is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval." (Galate 5: 4).

Hy gaan van die standpunt uit dat almal gesondig het en dat dit hulle ontbreek aan die heerlikheid van God, ja, dat die hele wêreld doemwaardig is voor God. (Romeine 3: 23). Dus staan elke mens as 'n aangeklaagde voor God, diep skuldig, só skuldig dat hy vir sy skuld self nie kan betaal nie, homself nie kan vrykoop nie. Hy het niks om op te wys as verontskuldiging nie, niks om hom op te beroep nie, niks om hom op te beroem nie. Alle roem is uitgesluit. Sy verlede getuig teen hom en veroordeel hom. Hy kan sy skuld ook nie meer goed maak nie, want waarmee sal hy dit doen? Met sy onvervulde beloftes, met sy geregtigheid, wat voor God soos 'n besoedelde kleed is? (Jesaja 64: 6).

Die mens het sy weg voor God verderf en kan dit self nie weer goed maak nie, want hy is geestelik nie swak, nie krank nie, maar dood, „dood deur die misdade en die sondes" (Efesiërs 2: 1).

En wat doen God nou met die reddelose sondaar? Hy betoon Hom sy genade in Christus. Hy spreek die skuldenaar vry deur die soenverdienste van die kruis. Hy regverdig die goddelose. (Romeine 4: 5).

Hierdie „justificatio impii," of regverdiging van die goddelose, is die sentrale punt in die brief van Paulus aan die Romeine. Omdat die mens as *goddelose* geregverdig word, ontneem dit hom alle roem. Dit is onverdiende saligheid. Dit is alles genade.

Ook die geloof waarmee hierdie begenadigde mens Christus omhels, moet nie vir hom as verdienste toegereken word nie. Nee, om te glo beteken:

> om geheelenal van onsself af te sien, om ons saligheid buite onsself in Christus Jesus te soek, om alles alleen van God te verwag.

Die geloof is 'n gawe van God (Efesiërs 2: 8). Die gelowige mens is in geen enkel opsig die mens wat verdien nie, maar in elke opsig die mens wat *ontvang*. Hy is die

mens, wat vroeër gedink het, dat hy met volle hande voor God kan staan en sê: „Here, het ek nie in u Naam geprofeteer, duiwels uitgedrywe en baie kragte gedoen nie." (Mattheus 7: 22), maar wat nou met ledige hande voor God staan en bely: ek het niks, maar U het alles. Die mens wat glo is die mens wat niks het voor God nie, om „in Hom bevind te word, nie met sy geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof." (Fillippense 3: 9). Die geloof eer nie die mens nie, maar God. Sodra die geloof as 'n soort verdienste van die mens beskou word, dan is daar geen sprake van genade meer nie, maar van loon. Dan is God aan die mens sy loon verskuldig. Maar God regverdig die *goddelose*. Hy skenk hom geloof tot die ewige lewe. En dit is die wonder van Gods genade, dat Hy die *goddelose* regverdig.

Maar die Fariseërs van alle tye hou nie van hierdie leer nie. Dit eer hulle nie. Hulle roem immers nie in vrye guns alleen nie. Hulle wil die geregtigheid nie uit genade ontvang nie. Hulle wil dit verdien. Hierdie verdienste-prediking het in die Middeleeue almeer na vore gekom. Die Kerk van Rome het die genade-prediking losgelaat. Christus, die genade-gawe van God, is almeer op die agtergrond gedring en op die voorgrond het te staan gekom die vrome mens met al sy goeie werke: sy byna onafgebroke preweling van gebede, sy selfkastyding, sy boetedoening, sy aflaat, sy deugde. Die regverdiging van die sondaar word deur Rome nie opgevat as 'n regterlike daad van God nie, waarby God die goddelose regverdig nie op grond van sy goeie werke nie, maar alleen uit genade op grond van die goeie werk van Christus aan die kruis volbring. Nee, by die Roomse kerk is die regverdiging 'n etiese daad, waarby die sondaar self verander in 'n regverdige, sodat hy in homself die regverdigheid verkry as 'n kosbare besit. As regverdige ontvang hy daagliks 'n toevoer van nuwe genade-kragte, sodat hy, deur die kerk gehelp en gesteun, kan lewe in die weg van goeie werke, wat „merita" (=verdienste) is. Die Roomse Kerk predik dus nie die *volstrekte* genade van God aan die sondaar nie,

maar die *helpende* genade. En onder genade verstaan Rome nie die vrye erbarming van God in Christus oor sondaars nie, maar 'n krag van God wat *in die mens uitgestort* word, waardeur hy 'n regverdige in homself word. Dit wil dus sê dat Rome die „justificatio justi" (=die regverdiging van die regverdige mens) leer.

Ook Martin Luther het as Roomse monnik na die beste van sy kragte probeer om geregverdig te word deur sy „merita"= sy verdienstelike goeie werke. Hy het homself nie gespaar nie, maar deur selfkastyding en boetedoening gesoek om geregverdig te word. Dit was alles tevergeefs. Uiteindelik het hy die lange reis na Rome onderneem om daar op sy knieë die s.g. Pilatustrap op te kruip, maar ook dit het hom geen sekerheid en geen rus gegee nie, totdat dit vir hom deur troue skrifondersoek en deur die verligting van die Gees van God duidelik geword het, dat die mens alleen uit genade deur die geloof geregverdig kon word.

Maar nie alleen van Luther nie, maar ook van die ander Hervormers nl. Calvyn, Zwingli, Knox e.s.m., het die leer van die regverdiging van die goddelose alleen uit genade sonder die werke van die wet die kern van die prediking geword. Dit kom duidelik tot uiting in die leer van die Hervormers. Hulle hooftema is: die saligheid vir die sondaar enkel uit genade, alleen deur die geloof (sola fide) in Jesus Christus, onse Here. Nie uit ons nie, alles uit Hom. Daarin is die enigste troos in lewe en in sterwe (Vgl. die Heidelbergse Kategismus Sondag 1.)

Nêrens kom die leer van die regverdiging van die goddelose duideliker uit as in die beroemde, klassiek geworde antwoord van die Kategismus op die vraag in Sondag 23 vraag 60 vervat: „Hoe is jy regverdig voor God?"

„Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus só dat al klaag my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is, God my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en

heiligheid van Christus skenk en toereken, asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het vir sover ek dié weldaad met 'n gelowige hart aanneem." (Vgl. hiermee ons Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 21-23).

Mooi kom die standpunt van Luther t.o.v. die regverdiging van die goddelose uit in 'n skrywe wat hy aan 'n bekommerde monnik gerig het: „Daarom my liewe broeder leer Christus, die Gekruisigde ken, leer om Hom te loof en te prys en, terwyl u aan uself wanhoop, aan Hom te sê: „U, Here Jesus, is my geregtigheid, maar ek is u sonde. U het aangeneem wat myne was en aan my gegee wat uwe was; U neem aan wat u nie was nie en gee aan my wat ek nie was nie." Pas daarvoor op om nie na so'n reinheid te strewe nie, dat u in eie oog geen sondaar meer wil wees nie. Christus woon alleen onder sondare. Hiervoor het Hy uit die hemel gedaal, waar Hy onder regverdiges gewoon het, om hier onder sondare woning te maak . . . . As ons deur eie bemoeienis en kragsinspanning gewetensrus wil verwerf, waarvoor het Christus dan gesterf? Nee, alleen in Hom sal u, in wanhoop aan uself en al u werke, die ware vrede vind."

In die 18de eeu is die goud van hierdie reformatoriese leer verdonker. Luther het dit voorspel. Hy het gesê „na my dood sal hierdie leer van die regverdigmaking weer verduister word." Geleidelik het naas die „justificatio impii" te staan gekom die „justificatio *electi*." Al meer en meer is gesoek na allerhande bevindinge en na *kenmerke van die uitverkiesing* en uiteindelik is die regverdiging van die goddelose verdring deur die regverdiging van die uitverkore mens.

In bepaalde ortodoks gereformeerde kringe was en is dit die geval, terwyl in semi-pelagiaanse kringe onder invloed van Piëtisme en Metodisme, die regverdiging van die goddelose plek moes maak vir die regverdiging van die *bekeerde, vrome, na heiligheid strewende mens.* Hy word *in* homself regverdig gemaak. Daartoe ontvang hy telkens die *helpende* genade van God en word hy in sy

lewe 'n regverdige, wat sy eie geregtigheid uitwerk en as 'n heilige wil en moet wandel in die weg van allerhande verdienstelike goeie werke en deugde. Sy heiligheid word dan sy rykdom. Hy roem nie in sy swakheid nie, maar in sy krag, sy eie voortreflikheid, sy vroomheid. Dat die allerheiligste maar 'n klein beginsel van gehoorsaamheid het, word totaal uit die oog verloor met die gevolg dat die weg voorberei word vir die perfeksionisme (die leer dat die mens op aarde reeds volmaak kan word).

Die sektarisme, wat op piëtisties-metodistiese aarde stoel, het ook die regverdiging van die goddelose losgelaat. By die een sekte (die Sewende-dag Adventiste) is dit die regverdiging van die *wetsgetroue mens,* wat deur sy getroue onderhouding van die Joodse Sabbatdag, die hemel verdien of help verdien het. By die ander sekte is dit die regverdiging van die *ondergedompelde christen.* wat deur sy gehoorsaamheid aan die grootdoop standpunt, die saligheid help verwerf het. By die A.E.B., (Afrika Evangeliese Bond), wat 'n hele paar sektariese kenmerke dra, is dit die regverdiging van die wedergebore, vrome mens, wat homself verbeter en bekeer het.

Ook in sommige kerklike kringe in S.A. dring die onbybelse leer van die regverdiging van die in homself so voortreflike mens almeer na vore. Met begrafnisse kom dit duidelik uit, waar die deugde van die gestorwe mens hemelhoog geroem word en hy op grond daarvan salig geprys word.

In al hierdie gevalle word die woord genade nog wel gebruik, maar daaronder word nie verstaan die vrye ontferming van God oor verlore sondaars nie, maar die genade is die *helpende genade,* wat Room sis. Die mens sal, so word gesê, homself verbeter, bekeer en red; God moet hom net bietjie help.

Dit word tyd dat ons kerke in Suid-Afrika die „justificatio electi" en die „justificatio justi" loslaat en volgens Skrif en belydenis, volgens Jesus en Paulus en die Hervormers, terugkeer tot die „justificatio impii" om dan te juig:—

„By al myn deugd, by al myn werken
„Vind ik geen troost die my kan sterken
„Geen hoop dan die ik op U bouw;
„Op Uw genade wil ik leven
„Op Uw gena den doodssnik geven,
„O Heer! aan Wien ik my vertrouw."

JOH. DREYER.

Jezus, niet mijn eigen kracht,
Niet het werk door mij volbracht,
Niet het offer, dat ek breng,
Niet de tranen die 'k pleng,
Schoon ik gansche nachten ween,
Kunnen redden, Gij alleen.

Zie, 'k breng voor mijn behoud
U geen wierook, mirr' of goud;
Moede kom ik, arm en naakt,
Tot den God, die zalig maakt,
Die de armen kleedt en voedt,
Die de zondaar leven doet.

Eenmaal als de stonde slaat,
Dat dit lichaam sterven gaat,
Als mijn ziel uit d' aardsche woon,
Opklimt tot des Rechters troon, —
Rots der eeuwen, in uw schoot
Berg mijn ziele voor den dood.



DIE NED. HERVORMDE KERK VAN ZEERUST.

Hierdie kerk is in die jaar 1869 gebou, in die dae toe Zeerust nog geen afsonderlike gemeente was nie, maar as wyk van Potchefstroom deur ds. Dirk van der Hoff bearbei is. Dit is een van die oudste kerkgeboue in Transvaal wat nog gebruik word. Alleen die van Potchefstroom en Rustenburg is ouer. Die toring is 'n paar jaar gelede aangebou.

S.P.E.

IETS OOR DIE ONTSTAAN VAN ONS KERKLIKE GESANGBUNDELS.

Ons oudste kerklike Gesangbundel is die Psalmboek. Dat dit die oudste bundel van godsdienstige liedere is, kan na wat die opgrawings in die lande van die *Ou* Nabye Ooste aan die lig gebring het, nie meer beweer word nie. In die ou Babilonië en Egipte en in die jongere Assirië was daar reeds 'n groot godsdienstige letterkunde, waarvan lofsange, gebede en klaagliedere 'n belangrike deel gevorm het. Hierdie digterlike uitings van die vroom gemoed is reeds eeue lank in die erediens van daardie ou volke gebruik voordat daar soiets as Psalms van Dawid was. Ook is daardie godsdienstige liedere reeds in verskillende bundels versamel. Waarskynlik het die verskillende virnaamste tempels elk hulle besondere versameling gehad, wat by die spesiale vorm van erediens in daardie tempel by feeste en offers, by godsdienstige samekomste en in die daelikse godsverering deur die priesters, in gebruik was. Dis merkwaardig dat somtyds in verskillende bundels dieselfde liedere voorkom. Behalwe sulke versamelings in noue verband met die godsverering in die heiligdom is daar ook wat blykbaar meer aan letterkundige arbeid te danke is. Ons weet dat 'n koning soos Assurbanipal van Assirië (668-626 v.Chr.) 'n groot biblioteek versamel het en daartoe sy skrywers rondgestuur het in die land, ja tot in die naburige ouere kultuurland Babilonië om geskrifte op allerlei gebied te versamel en na sy hoofstad Ninive te bring of om as die originele nie saamgebring kon word nie afskrifte te maak en dié na sy koninklike biblioteek te bring. Die skrywers van Assurbanipal het sonder twyfel ook versamelings van godsdienstige liedere gemaak. Van party van sulke liederversamelings is die name ook nog bekend. So is daar die bekende „serie" genoem „Opheffing van die hande" waarin allerlei lofliedere en gebede tot verskillende gode versamel is.

Die godsdienstige liedere in hierdie versameling word telkens afgewissel met aanwysings vir allerlei tooragtige handelinge; hieruit blyk dat die liedere gebruik is as 'n soort besweringtekste om allerlei onheile af te weer. Dit was soos bekend, die groot skadukant van die ou Babilonië religie, dat dit so oorwoeker is deur allerlei toorpraktyke, en dat die hoër godsdienstige gevoelens en voorstellings gedurig gevaar geloop het om ten onder te gaan onder pogings om met die laere magte in die geestelike wêreld in kontak te kom en sodoende die hoër magte te dwing om aan die wense van die mens te voldoen. Wel heel onverbloemd kom hierdie gesindheid tot uiting in 'n Babiloniese gedig waarin 'n slaaf sy heer aanraai om aan die gode die offers te onthou: „so sal u die godheid gehoorsaamheid leer, soos 'n hond sal hy u naloop!" Baie van die Babiloniese en Egiptiese psalms is egter van 'n hoë godsdienstige gehalte, en dikwels kom daar verse, ja hele gedeeltes in voor wat goedskiks in die Bybelse Psalmboek kon voorkom en as vertolkings van die godsdienstige gevoelens van 'n belyder van die ware God sou kan dien. Ek haal hier uit 'n bekende loflied tot die Maangod die beroemde reels aan:

Vader, verwekker van alles
wat die lewende wesens sorgsaam aanskou,
Heer, wat die beslissinge vasstel vir hemel en aarde,
wie se bevel niemand verander,
Wat vuur en water in hande het, die lewende wesens lei,
welke God is aan u gelyk!
In die hemel wie is verhewe?
U alleen is verhewe!
Op die aarde wie is verhewe?
U alleen is verhewe!
As u, u woord in die hemel weerklink
werp die hemelinge hul op die aangesig,
As u, u woord op die aarde weerklink,
kus die aardse magte die grond.
As u, u woord daarbo soos die stormwind daarheen vaar,
laat dit spys en drank gedy.

As u, u woord op die aarde hom vestig,
dan ontstaan die groen.
U, u woord maak stal en kraal vet,
dit brei die lewende wesens uit.
U, u woord laat waarheid en geregtigheid ontstaan,
sodat die mense die waarheid spreek.
U, u woord is (soos) die verre hemel, die diepe aarde,
wat niemand deursien nie.
U, u woord, wie sou dit verstaan,
wie ewenaar dit!

Naas hierdie himne op die goddelike woord kan as van nie mindere gehalte gestel word die loflied op die Sonne God van die merkwaardige Egiptiese koning Amenófis IV (1375-1358 v. Chr.), waaruit die volgende reels geneem is:

Hoe talryk is u werke,
hulle is verborge vir die aangesig,
o, enige God
buite wie daar geen ander is nie!
U het die aarde geskape na u welbehae, u alleen,
met mense, kuddes en allerlei wild,
alles wat op die aarde is, wat gaan op sy voete,
alles wat sig verhef om te vlieg met sy vlerke.
Die berglande van Sirië en die vlakke land van Egipte,
elkeen het u op sy plek gestel,
u gee hulle noodruf, elkeen het wat hy behoef,
sy lewenstyd is bepaal.
Die tonge is verskillend van spraak,
die gestaltes van die mense eweso,
ook hulle huidskleur is verskillend,
so het u die volke onderskei.
Hoe heerlik is u gedagtes,
o Heer van die ewigheid!

By diegene wat sy Psalmboek ken, roep hierdie reels terstond die 104de Psalm in gedagte, waar ons in verse 24, 25, 27, 28, 29 en 31 lees:

Hoe talryk is u werke, o Here!
U het almal met wysheid gemaak,
die aarde is vol van u skepsele.
Daar is die see, groot en alkante toe wyd —
daar is 'n gewemel sonder getal,
klein diere saam met grotes.
Hulle almal wag op u,
dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd.
U gee dit aan hulle, hulle tel dit op,
U maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie
U verberg u aangesig, hulle word verskrik;
U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer tot hul stof.
Laat die heerlikheid van die Here vir ewig wees,
laat die Here bly wees oor sy werke!

Sulke ooreenkomste is treffende bewyse van die waarheid van die verkondiging van die apostel Paulus op die Areópagus te Athene dat die heidenvolke God vereer sonder om Hom te ken, dat hulle gesoek het of hulle Hom miskien kan aanraak en vind, Hom wat nie ver is van elkeen van ons nie.

Maar ons wou spreek oor *ons* kerklike Gesangbundels, d.w.s. dié van die Christelike Gemeente. En van ons kerklike gesangbundels is die Psalmboek die oudste. Hoe het hierdie bundel waarin ons — na die bekende woorde van die Hervormer Maarten Luther — al die heiliges in die hart sien, ontstaan! Is dit 'n versameling deur koning Dawid bymekaar gemaak en later hier en daar wat aangevul, of weet ons meer van sy ontstaan?

Ons spreek gewoonlik van die Psalms van Dawid. So'n benaming gee die indruk dat hulle almal of altans in groot meerderheid van koning Dawid afkomstig is. 'n Noukeurige telling leer egter dat daar net 73 op die naam van Dawid staan, met ander woorde nog nie die helfte nie; en niks gee ons reg om Psalms wat nie die naam van Dawid in hulle opskrif dra, aan Dawid toe te ken nie. Die neiging daartoe het al bestaan van uit die voor Christelike tyd. In die oudste Griekse vertaling van die Ou Testament is daar reeds 12 meer van ons Psalms wat aan Dawid toegeken word, en daar vind ons ook reeds die 151ste Psalm, die sogenoemde eiehandige geskrif van Dawid, wat aan die ouere mense onder ons nog wel bekend is en in die Nederlandse vertaling begin met:

Ik was 'n jongeling, nog teeder en gering.

Maar ons het geen redes om aan hierdie later oorlewering gewig te heg nie.

Intussen is dit tog nie ten onregte dat ons praat van die Psalms van Dawid insover na verhouding die meeste van dié Psalms waarvan 'n digter vermeld word die naam van Dawid dra. Asaf met 12, die Kinders van Korag met 11, Salomo met 2, Moses, Etan, Heman en Jedutun elk 1 Psalm op hulle naam staan in getal ver agter by Dawid en sy 73.

In die ander boeke van die Ou Testament vind ons niks oor die totstandkoming van die Psalmboek nie. Dis alleen 'n noukeurige bestudering van die boek self, wat ons vingerwysings gee. En so blyk dan dat hierdie oudste en eerste Kerklike Gesangbundel, die Gesangbundel van die Gemeente van die Ou Verbond, 'n ingewikkelde geskiedenis gehad het, veel ingewikkelder dan mens op die eerste gesig sou vermoed. Dit is wel seker dat hierdie oudste kerkboek nie die oudste versameling van Psalms onder Israel was nie, maar veeleer die jongste. Die naam wat die Outestamenticus Wellhausen aan die Psalmboek gegee het, nl. die Gesangboek van die Gemeente van na die Ballingskap, of die Gesangboek van die tweede Tempel (nie die van Salomo nie maar dié van Serubbabel), gee die posisie goed weer. Hiermee word nie beweer dat daar geen Psalms of Psalmbundels voor die Ballingskap sou bestaan het en in die Tempel van Salomo gesing is nie. Ons kan seker die vors onder die Outestamentici wyle Professor Rudolph Kittel bystem as hy sê: die Psalmdigting is in Israel so oud as die nasie self.

Die oudste versamelings van Psalms of eintlik van godsdienstige liedere in Israel was hoogswaarskynlik twee bundels wat met meer reg as die teenswoordige Psalm-

bundel Psalms van Dawid kon genoem word. Of dit al regte Psalms was, d.w.s. liedere bestem om onder begeleiding van musiek by die openbare Erediens gebruik te word, is onseker. Die eerste bundel het ongeveer ons Psalms 3—41 bevat, die tweede ons Psalms 51—72. Uit die laaste verse van Psalm 72 blyk dat hierdie tweede bundel en miskien ook die eerste die naam gehad het van „Gebede van Dawid, die seun van Isai." Dat dit twee bundels gewees het, blyk daaruit dat twee psalms in albei bundels opgeneem is. Ps. 14 keer terug in die tweede bundel as Ps. 53, en die tweede gedeelte van Ps. 40, nl. die laaste 5 verse, keer as selfstandige psalm terug as Ps. 70.

As mens die gelykluidende Psalms in die twee bundels vergelyk, dan val dit op dat hulle nie woordelik ooreenstem nie. Daar is bv. taamlik groot verskil tussen Ps. 14:5 en 6 en Ps. 53:6, wat tog feitlik dieselfde bewoordings moes hê. By vergelyking van Ps. 40:14—18 en Ps. 70 is die verskille minder. Maar in een opsig het die twee psalms 14 en 40:14—18 toe hulle in die tweede bundel opgeneem is, dieselfde bewerking ondergaan, in albei is nl. die naam HEAE (Hebreeus: Jahwè) grotendeels vervang deur die woord God (Hebr.: Elohím). Ons weet dat in die latere tye van Israel se godsdiensgeskiedenis daar 'n vreesagtigheid ontstaan het om die eie, intieme naam van die Verbondsgod, die naam Jahwe of HEAE te gebruik, en dat die neiging opgekom het, veral in die tyd na die terugkeer uit die Ballingskap, om liewer die algemene benaming God (Elohím) te gebruik. Ons merk dit ook in die boek van die Kronieke as ons dit vergelyk met die boek van die Konings. Maar ook reeds voor die Ballingskap is daar stromings onder Israel gewees wat voorkeur aan die naam Elohím, God gegee het.

Die tweede bundel Gebede van Dawid is opgeneem geword in 'n grotere versameling van Psalms, die bundel Ps. 42—83, waarin ook ander groepe opgeneem is, wat miskien ook eenmaal selfstandige bundeltjies gevorm het, bv. die Psalms uit die kring van die Levitiese tempelsangers, die „kinders van Korag" d.i. Ps. 42—49, en die Psalms van Asaf, Ps. 50 en 73—83. Hierdie groter versameling is nou heeltemal gekenmerk deur die bovermelde voorkeur vir die benaming Elohím (God) vir die Opperwese, en word in die Outestamentiese wetenskap die Elohistiese versameling genoem.

So het ons reeds drie of miskien wel vyf Psalmbundels ontdek, wat voorafgegaan het aan die groot versameling van Ps. 1—150. Maar daar het sonder twyfel nog meer bestaan. Die bekende liedere Hammaäloth of Bedevaartsliedere Ps. 120—134 het seker ook eenmaal 'n aparte bundeltjie gevorm of is uit 'n grotere bundel Bedewaartssange oorgeneem. Die opeenvolging van Hallelujapsalms in Ps. 111—118 en 145—150 en die van Psalms van Dawid in Ps. 138—145 maak dit waarskynlik dat daar ook 'n aparte bundel Psalms met die opskrif Halleluja bestaan het, waartoe miskien ook Ps. 104—106 en 135 behoor het en 'n derde Davidiese bundeltjie waaruit moontlik ook nog Ps. 103 en 108—110 ontleen is. Maar die genoemde is voldoende om ons 'n lewendige indruk te gee van die groot verskeidenheid van versamelings waaruit die samestellers van ons Psalmboek hulle keus gemaak het.

Dat die samestellers nie geskroom het om veranderings in die enkele Psalms te maak het ons reeds gesien by die bespreking van die sogenoemde Elohistiese versameling. Dit blyk ook uit 'n vergelyking van II Samuel 22 en Psalm 18. Dis baie interessant dat ons hierdie gedig tweemaal in die Ou Testament vind, in die aanhangsel aan 'n historiese boek en in die Psalmboek. As mens die twee hoofstukke vergelyk, kom daar allerlei klein verskille in uitdrukkings aan die lig. So spreek vs. 5 in Samuel van „golwe van die dood," in die Psalmboek van „bande van die dood," vs. 12 in Samuel van „versameling van waters," in die Psalmboek van „duisternis van waters"; in vs. 29 staan by Samuel „u is my lamp, o HEER!" in die Psalmboek „U laat my lamp skyn," in vs. 45 staan die helftes van die vers in die twee hoofstukke in verskillende volgorde, in vs. 46 by Samuel kom die vyande „gegord" uit hulle vestings, by die Psalmboek „al sidderende" (wat juis die teenoorgestelde is). En so is daar meer. Digters van ons moderne, oorgevoelige tyd sou dit seker

vreselik vind as daar so aan hulle digterlike uitings gewerk en gewysig word. Die samenstellers van ons oudste Gesangboek het egter wel vrymoedigheid gevind om sulke wysigings toe te laat of self aan te bring.

Ook het hulle daar nie beswaar in gesien om 'n gedig uitmekaar te neem of twee of meer gedigte tot een lied te verewig. Een van hierdie twee gevalle het gebeur met Ps. 40 en 70, soos ons reeds gesien het. Merkwaardiger nog is dat 'n gedeelte van Ps. 57 en 'n gedeelte van Ps. 60 later saamgevoeg is tot wat nou Ps. 108 is (nl. 57:8—12 en 60:7—14). Was hierdie twee gedeeltes miskien oorspronkelik selfstandige gedigte wat ook reeds in Ps. 57 en Ps. 60 met ander gedigte verenig was? 'n Treffende voorbeeld van samenvoeging van bestaande psalmgedeeltes en psalmverse tot 'n nuwe geheel verskaf 1 Kronieke 16:8—36. In hierdie hoofstuk is verse uit drie Psalms nl. 105, 96 en 106 saamverbonde tot een, en wel uit Ps. 105 die verse 1—15, uit Ps. 96 die verse 1 (tweede helfte), 2 (tweede helfte) en 3—13 (eerste helfte), en uit Ps. 106 die verse 1 en 47 en 48, en ook by hierdie samenvoeging het die bewoordings nie heeltemal dieselfde gebly nie. Dat Psalms wat oorspronkelik 'n eenheid was, naderhand gesplits is, blyk bv. by Ps. 42 en 43 wat sonder twyfel een Psalm was, soos die gedagtegang en die keervers „Wat buig jy jou neer, o my siel . . . ." (42:6, 12, 43:5) bewys. In die genoemde oudste Griekse vertaling (en dis hierdie vertaling wat feitelik die Bybel van die oudste Christene was) is Ps. 116 tot twee Psalms gemaak (die tweede Psalm begin met 116:10) en eweso Ps. 147 (die tweede Psalm begin met 147:12), terwyl omgekeerd ons Psalms 9 en 10 daar een Psalm vorm en eweso ons Psalms 114 en 115. Deur hierdie verskille is die nommering van die 150 Psalms in die Hebreeuse en Griekse Ou Testament verskillend, dis enkel die eerste 9 en die laaste 3 Psalms wat dieselfde nommer het. So het dan die afdelings van die Christelike Kerk wat die Griekse en daarvan afhankelike Latynse vertalings volg (bv. die Rooms-Katolieke kerk) 'n andere nommering van die Psalms as dié wat soos die Protestantse kerke die Hebreeuse teks volg.

Ons bespreek hier nie die geskiedenis van die vertaling van die Psalmboek en die beryming daarvan in die Nederlands en die Afrikaans nie. Oor 'n interessante stuk voorgeskiedenis van die Nederlandse Psalmberyming het Professor Engelbrecht in 'n vorige jaargang van ons Almanak reeds geskryf toe hy die Souterliedekens behandel het. Ek wil net opmerk hoe hierdie beryming, in 1773 tot stand gekom, nie soos die Afrikaanse beryming wat in 1937 verskyn het, die werk van een digter is nie, maar van vele. Die meeste berymings, 82 van die 150, is afkomstig van 'n geneesheer uit 's Gravenhage, Joannes Eusebius Voet, wat tewens „inspecteur van 's lands middelen en rechten in het Zuiderkwartier van Zuid-Holland" was en in 1936 'n „Proeve eener nieuwe berijming van het boek der Psalmen" uitgegee het. Aan hierdie digterlike dokter het ons bv. te danke die geliefde en ons so vertroude bewoordings van die bekende Psalms 25, 68, 72, 81, 89, 103, 118 en 133.

Ook 'n groot aantal berymings is te danke aan die lede van 'n letterkundige vereniging uit die 18de eeu waarvan die naam die Latynse sinspreuk was: Laus Deo, Salus Populo d.i. Eer aan God, heil aan die volk. Die lede van hierdie vereniging het 'n beryming van die hele Psalmboek uitgegee, en daaruit is deur die kerklike kommissie 58 aangeneem. Daaronder is ook Psalms wat in hulle Nederlandse bewoording so'n innige deel van ons geestelike besit geword het, soos Ps. 42, 66, 121 en 134. Nog 'n derde versameling het die kerklike kommissie in aanmerking laat kom. Dit was 'n eienaardige Psalmberyming saamgestel deur 'n Amsterdamse goud- en silwersmid uit die 17de eeu, nl. Hendrik Ghijsen. Soos reeds uit die titel van sy werk blyk het hy sewentien ouere berymings geraadpleeg en uit hulle die na sy mening beste reels geneem en daarvan 'n geheel gemaak. Die titel van sy werk was: Den Honigraet der psalmdichten vergaedert uit seventien Psalmboeken, Amsterdam 1686. Ghysen se arbeid kon nie soveel guns vind in die oë van die Berymingskommissie as dié van Dr. Voet en die geselskap Hans Deo nie. Daar is slegs 10 van sy berymings

aanvaar (met nog 6 vir die Eenige Gezangen agter die Psalms), maar 'n paar van hierdie berymings sing ons nog graag en dikwels, soos bv. Ps. 75, 100, 130 en 150.

Hierdie berymings is deur die kerklike keurkommissie geensins ongewysig aanvaar nie. Volgens die notule van die kommissie (sien die aanhalings daaruit in die nuwe Nederlandse Psalm- en Gesangboek soos in 1938 deur die Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk aan die kerk aangebied, bl. 935) is die gekose berymings „onder die vergrootglas," „op die aambeeld" en „op die skaafbank" gebring en is hulle „uitgeborsel en gepolys" met „onbedenkelike moeite." Al wie soos ondergetekende, meegewerk het aan die bewerking van kerklike Gesange, weet daar alles van wat hierdie blomryke uitdrukkings bedoel! Aan 'n Gesangbundel vir kerklike gebruik moet nou eenmaal heel ander eise gestel word dan aan 'n bundel gedigte.

Ten slotte wil ons nog enige opmerkings maak aangaande die tweede gedeelte van ons kerkboek, nl. die Gesange. Reeds die apostel Paulus laat ons verstaan dat die oudste Christelike Gemeentes hulle nie bepaal het by die gebruik van die Psalms nie, maar daarnaas ook ander godsdienstige liedere gebruik het. Hy doen dit in die bekende vermaning Efese 5:19 „Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here"; hiermee stem ooreen die woorde van die apostel in Kolossense 3:16: „laat die woord van Christus rykelik in julle woon in alle wysheid, leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here." Vir die apostel is 'n gesonde, opgewekte lewe in die Gemeente as liggaam van Christus (Kol. 3:15) nie denkbaar nie sonder die gebruik van die Christelike lied. Dat die apostel hier nie enkel of selfs nie in die eerste plek van die huiselike lewe van die Christene spreek nie, mag ons wel opmaak uit die teksverband en uit die bewoordings van die teks. Die vermelding van die vervul word met die Gees in die voorafgaande vers in

die Efesiërsbrief en van die „onder mekaar" wees in die vers self, die vermelding van die liggaam van Christus in die voorafgaande vers in die Efesiërsbrief en van die Woord van Christus in die vers self lyk meer op samekomste van die Gemeente te dui as op die huiselike lewe. In alle geval die Christelike Kerk van alle eeue en alle lande het behoefte gevoel aan nog ander geestelike liedere dan die Psalms vir die openbare Erediens. Reste van die oudste Christelike Gesange vind ons hier en daar reeds in die Nuwe Testament. Na vorm en inhoud kan assulks beskou word Ef. 5:14.

Ontwaak, jy wat slaap,
en staan op uit die dode,
en Christus sal oor jou skyn

Hierdie oudchristelike gesang was na 'n bewerking van Ds. Petro Parson, predikant te Kuinre en Steenwijk, opgeneem in die Nederlandse Vervolgbundel van 1805 en sal in Afrikaanse bewerking ook in ons nuwe Gesangboek sy plek vind. Ook in 1 Tim. 3:16 word hoogswaarskynlik een van die Gesange van die oudste Christenheid aangehaal waarin die groot verborgenheid van die geluksaligheid in Christus geopenbaar, besing word:

God is geopenbaar in die vlees,
is geregverdig in die Gees,
het verskyn aan engele,
is verkondig onder die heidene,
is geglo in die wêreld,
is opgeneem in heerlikheid.

Ook is dit waarskynlik dat verskillende sange uit die Openbaring van Johannes, soos Op. 4:11, 5:9 en 10, 5:12 en 15:3 en 4, reeds by die ou Christenheid in hulle samekomste geklink het, soos hulle nou nog naklink in ons kerklike gesang as ons Ges. 46: 48—51 en 44:2 aanhef. In die woord van die Algemene Kommissie vir die vervaardiging van 'n Evangeliese Gesangboek gerig tot die Nederduitse Hervormde Gemeentes in Nederland verklaar hulle tereg, dat die Christenheid deur alle

eeue heen by die Psalms geestelike gesange gevoeg het en dat al die Protestantse kerke in die buitenland Evangeliese Gesangboeke het en die Engelse en Waalse Hervormde Gemeentes in Nederland hulle ook reeds ingevoer had. So het die Hervormde Kerk van Nederland nadat op 'n Provinsiale Sinode van die jaar 1796 vir die eerste maal die vraag aan die orde gestel is, tien jaar later 'n voltooide Gesangbundel van 192 Gesange ontvang wat op die 1ste Januari 1807 in gebruik geneem is. Die behoefte is gevoel aan „gesange in die gees en toon van die *vervulde* Evangelie," geestelike liedere waarin die Saligmaker met name genoem is en waarin die Christelike Gemeente kon uiting gee aan wat sy in haar Hoof en Heiland ontvang het en vir Hom gevoel. 'n Uitnemende studie oor die ontstaan van hierdie Gesangboek, dieselfde wat ons hier in Suid-Afrika nog sing, is geskryf deur die bekende Utrechtse predikant Dr. A. W. Bronsveld, onder die titel: De Evangelische Gezangen, verzameld in de jaren 1803—1805, en in gebruik bij de Nederlandsche Hervormde Kerk, Historisch-Letterkundig ondersoek. In hierdie uitgebreide studie van 500 bls. druk, uitgegee in 1917 by Kemink en Zoon, Over den Dom te Utrecht, vind mens baie interessante bisonderhede oor die digters en versamelaars van ons Gesange met allerlei wetenswaardigs oor hulle lewe, en elkeen van die 192 Gesange word daarin meer of min uitvoerig na sy afkoms en bewerkings tot aan sy huidige vorm toe behandel. Uit hierdie studie blyk dat netsoos die Bybelse Psalmboek en sy Nederlandse beryming ook ons Gesangboek nie die vrug van een digter of berymer is nie, maar uit verskillende bundels uitgesoek en versamel is. Ongeveer een derde van die 192 Gesange is deur Nederlandse digters of lede van die betrokke kerklike kommissie (die name van die lede word in die „Verklaring" voor in die Gesangbundel gevind) uit die Duits vertaal. Merkwaardig is hierby dat feitlik alleen produkte van Duitse Godsdienstige digters uit die 18de eeu opgeneem is en nie die uit vorige eeue nie, terwyl tog uit die Hervormingstyd en die daaropvolgende 17de eeu kragtiger en dieper gesange te vinde was.

Dit lyk of die samestellers van ons Gesangboek nie baie vir die ouere, meer klassieke vertolking van die Christelike geloof gevoel het nie, maar meer vir dié van hulle eie tyd. Dis net alleen Ges. 2 en 184 wat uit die 16de en Ges. 17 en 93 wat uit die 17de eeu afkomstig is. Ook is merkwaardig dat van die buitenlandse Gesangboeke en Digbundels alleen die Duitse geraadpleeg is. Wel is die bekende Ges. 3 opgeneem, wat aan Biskop Ambrosius van Oulaan, tydgenoot en medestryder van die kerkvader Augustinus, toegeskryf word (al kan die waarheid van die oorlewering nie bewys word nie, die Gesang is in alle geval een van die oudste en mees verbreide kerklike liedere van die Christenheid), maar verder is daar net een waarvan die oorsprong in Frankryk lê (die Ges. 35 wat 'n beryming is van die Sondebelydenis wat elke Sondag in die Waalse (Franssprekende) kerke in Nederland gebid word en wat ook voorkom in die „Kort Gebed voor die Predikasie in die week" uit die Christelike Gebede van ons Kerkboek, terwyl daar ook maar een uit die liedereskat van die Engelse Christenheid oorgeneem is, namelik die Sendingslied Ges. 155, wat 'n vrye bewerking is van 'n gedig van Dr. Isaac Watts onder die titel „Die eerste en tweede koms van Christus" voorkomende in sy bewerking van die Psalms van Dawid in die taal en gees van die Nuwe Testament verskene in 1719. Hierdie Gesang is Watt se bewerking van Ps. 96.

Twee derdes van die Evangeliese Gesange is, virsover nagegaan kan word, eie werk van Nederlandse digters. Maar ook hier is dit eienaardig dat maar min opgeneem is van godsdienstige digters uit die bloeityd van die Nederlande. Van die vrome digterpredikant Jodocus van Lodenstein, jongere tydgenoot van die Professore Voetius en Coceljus, een van die merkwaardigste figure uit die vaderlandse en kerkgeskiedenis van die 17de eeu, is enkele gedigte opgeneem. Hulle is die welbekende en geliefde Gesange 21, 43, 62 en 68 waaruit sy innige geloof nog treffend tot ons spreek. Sy tydgenoot die begaafde predikant-letterkundige Johannes Vollenhove is verteenwoordig deur Ges. 64, 125 en 133, en die se vriend Geraert

Brandt deur die nie so bekende maar diep-ootmoedige gebed om Gods genade en bystand Ges. 76. Tot hulle kring het ook behoor die bekende predikant van Eibergen Ds. Willem Sluiter, van wie Dr. Bronsveld skrywe: dit verwonder ons dat in onse Gesange nie meer liedere van hom opgeneem is nie; van hom is slegs Ges. 185 en 190 in ons bundel afkomstig.

Die grootste deel van die Evangeliese Gesange is te danke aan die lede van die Kerklike Kommissie self, wat natuurlik juis vanweë hulle talente op hierdie gebied op die kommissie gekies is, en reeds bundels godsdienstige liedere laat verskyn het. Dis veral Ds. Ahasverus van den Berg, die Oranjistiese predikant Dr. Jan Scharp, die juris en oud-ouderling Mr. Pieter Leonard van de Kasteele, Ds. Abraham Ruttgers, die juris-digter Mr. Rhijnvis Feith oud-ouderling, Ds. Hermanus Adrianus Bruining en Ds. Bernardus van Weemen aan wie ons vernaamlik ons Gesange dank. Ook van die intieme vriend van Mr. van de Kasteele die juris-digter Hiëronymus van Alphen is baie liedere opgeneem, soos Ges. 15, 20(1!), 27, 51, 65(!), 103, 127, 146, 189, en andere.

Dis ook werd om te vermeld dat daar in ons Gesangboek 'n tiental Gesange voorkom wat van vroulike digters afkomstig is. Die pragtige Bybel-klassieke Gesang 50, die tere lied oor die gebed Ges. 79 en die gebed vol self kennis en geloofsvertroue Ges. 85 is, eweas die bewerking van Ges. 2 en Ges. 55, afkomstig van die digteres Mevr. Johanna Elizabeth van de Velde. gebore Helmche, eggnote van 'n in sy tyd bekende letterkundige Willem van de Velde, van wie ons die minder bekende Gesange 147, 174 en 175 in ons bundel het. Die digteres Mej. Catharina Allegouda van Lier, wat met haar broer Ds. Helperus Ribaema van Lier en een van haar susters na Suid-Afrika gekom het, het ons die bekende troosgesang Ges. 28 geskenk. Een van ons kostelikste en mees Bybelse gesange is seker Ges. 44 „Wij knielen voor uw zetel neer, mij, Heer, en al uw leden." Hierdie juweel is afkomstig van die Friese edelvrou Clara Feyoena van Raesfelt, gebore van Sytzama, wat ook die Sendingslied Ges. 154 gedig

het. Minder bekend is Ges. 86 „Tegen verstrooiing van gedachten" waarvan Mej. Johanna Petronella Drijfhout, dogter van 'n Harderwykse hoogleraar in die wysbegeerte, wis- en sterrekunde die vervaardigster is. Van Ges. 183 is alleen die laaste vers „Vorm tot uw dienst ons hart, o heilig God!" meer bekend; hierdie Gesang is die werk van Mej. Anna Maria Moens, 'n vrou wat baie gedoen het vir die onderwys en opvoeding van dogters en ook op letterkundig gebied naam gemaak het. Hulle is dus die Debora's en Hanna's van die Nederlandse Kerk van die 18de eeu, aan wie se geloofsuitings in teenstelling met hulle Outestamentiese susters wel 'n plek in die Gesangboek van hulle volk en kerk ingeruim is.

Die gehalte van die meeste Gesange is hoog, sowel in godsdienstige as letterkundige opsig, en die seen wat hulle versprei het en nog versprei is onberekenbaar groot. Natuurlik dra hulle die stempel van die tyd van hulle vervaardiging en versameling en daarmee die se gebreke. Dr. Bronsveld spreek in die Voorrede van sy bogenoemde boek die hoop uit dat dit die laaste stoot mag gee tot die samestelling en invoering van 'n *gesuiwerde* en met nuwe liedere *verrykte* Gesangbundel. Sy hoop is wat die Nederlandse Hervormde Kerk betref vervul deur die reeds genoemde nuwe Psalm- en Gesangboek wat in 1938 deur die Sinode aan die kerk aangebied is en waarin naas die Psalms nou 306 Gesange opgeneem is. Wat die Hervormde Kerk van Afrika betref, staan die hoop D.V. vervul te word in hierdie of die volgende jaar. In ons Almanak van volgende jaar hoop ons iets mee te deel oor die tot standkoming van ons nuwe gesuiwerde en verrykte Gesangbundel, waarvan die ontstaansgeskiedenis baie ooreenkoms vertoon met dié van die Nederlandse Evangeliese Gesange en selfs met dié van ons Psalmboek.

B. GEMSER.

DIE EERSTE GESANGEBOEK VAN SUID-AFRIKA.

Die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Londen bestaan vanaf die jaar 1550, en is georganiseer deur Johannes à Lasco, 'n Pool aan wie die Hervormde Kerk in Nederland baie te danke het. Die Gemeente van Londen het sy ontstaan te danke aan die Nederlandse vlugtelinge wat vir hulle geloof uit Holland na Engeland uitgewyk het. In 1550 het koning Eduard VI die middeleeuse kerkgebou van die Austin Friars aan die gemeente gegee. Hierdie gebou is dan ook onafgebroke deur die Londense Ned. Hervormdes gebruik totdat dit 'n paar weke gelede deur 'n Duitse bomwerper vernietig is.

Dit is vrywel onbekend dat Suid-Afrika sy eerste gesangboek van hierdie Londense Ned. Hervormde Gemeente gekry het. Die gesange is in 1806 in Holland ingevoer. Dit was egter nie moontlik om die gesangeboek ook na die Hervormde Gemeentes buite Holland te stuur nie soos na Londen, Amerika, Suid-Afrika en Indië, want deur die oorlog wat daar toe tussen Engeland en Frankryk geheers het was daar geen skeepvaart tussen Holland en hierdie lande nie. In 1813 het die Londense Gemeente die gesangeboek daar laat herdruk en toe was dit moontlik om dit in die Hervormde Gemeentes buite Holland in te voer. Ons druk die titelblad van die bundel hier af asook die bladsy waar Gesang 160 op voorkom. Waar ons voor in onse gesangeboek die waarborg van die Alg. Synode van die Ned. Hervormde Kerk vind, daar staan die volgende in hierdie Londense uitgawe gedruk: „Dit Evangelisch Gezangboek is gedrukt en uitgegeven onder opzigt van J. Werninck, S.S. Theol. Doctor, Predikant bij de Nederd. Hervormde Gemeente te Londen, en Lid van het Zeeuwsch Genootschap der wetenschappen te Middelburg." Hierdie Londense bundel is op die tweede Sondag in Januarie 1814 in Suid-Afrika ingevoer.

S.P.E.

DE

EVANGELISCHE

GEZANGEN

OM NEVENS

HET BOEK DER PSALMEN

BY DEN

OPENBAREN GODSDIENST

IN DE

NEDERDUITSCHE HERVORMDE

GEMEENTEN

GEBRUIKT TE WORDEN;

OP UITDRUKKELYKEN LAST VAN

ALLE DE SYNODEN

DER

VOORNOEMDE GEMEENTEN

BYEEN VERZAMELD EN IN ORDER GEBRAGT IN DE JAREN

1803, 1804, EN 1805.

GEDRUKT TE LONDEN

BY HAMBLIN EN SEYFANG,

GARLICK HILL, THAMES STREET.

1813.

CLX. OP HET NIEUWE JAAR.

Wijze: O gesegnetes regieren.



MELGISEDEK.

In die loop van die eeue is baie vrae gevra, en ook baie teorieë opgestel en verbrei oor die bybelse persoon, Melgisedek. Baie gissings is ook gemaak op grond van die kort stukkie geskiedenis wat ons van hom in die Skrif vermeld word nl. Genesis 14: 18, 19, 20.

Die naam van Melgisedek word maar op slegs drie plekke in die Bybel vermeld t.w. Gen. 14: 18-20, Psalm 110: 4 en in die Hebreërsbrief, hoofstukke 5 tot 7. En die gemeente vra as dit gelees word: wie was Melgisedek?

Daar was verskillende teorieë oor hierdie skynbaar geheimsinnige persoon, Melgisedek.

Sommige het in Melgisedek die Seun van die Ewige God self gesien, 'n tydelike vleeswording van die Woord soos ons lees in Johannes 1: 14—„En die woord het vlees geword en het onder ons gewoon,—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid."

Melgisedek sou dan 'n voorspel wees van die latere Christus in menslike liggaam. Een van die groot Kerkvaders, Origines (185-254) het geleer dat Melgisedek 'n Engel was wat plotseling aan Abraham verskyn het (Gen. 14).

Hierabas (± 300 n. K.) het in Melgisedek 'n verskyning van die Heilige Gees gesien. Ander weer het gemeen Melgisedek was 'n buitengewone mens wat nog voor Adam gelewe het en 'n hemelse liggaam gehad het. Ander weer het Melgisedek wou vereenselwig met Sem. Henog of Job.

Sommige het die opvatting gehuldig dat Melgisedek nes Henog en Elia sonder te sterwe na die hemel weggeneem is.

In die derde eeu n.K. het daar selfs 'n sekte ontstaan, die Melgisedekiete, onder leiding van Theodotus die Wisselaar wat geleer het dat Melgisedek selfs bo Christus vereer moet word.

Hulle het beweer dat hy die hoogste priester was, van hemelse oorsprong, terwyl Christus van aardse oorsprong was, gebore uit die maagd Maria.

En ons vra: Vanwaar kom al die gissinge omtrent die persoon van Melgisedek? Dit word gevind in Hebreërs 7 waar gesê word dat Melgisedek — koning van Salem. priester van die Allerhoogste God, sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelyk gemaak aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur." (Hebreërs 7:1—3).

Kort saamgevat, vind ons dus twee uiteenlopende opvattings oor die persoon van Melgisedek.

Die een opvatting wil op grond van Gen. 14, Psalm 110 en Hebr. 5—7 in Melgisedek 'n buitengewone mens sien, en die ander opvatting is dat Melgisedek 'n bloot gewone mens was van gelyke beweginge as ons.

Dit skyn egter heeltemal veilig te wees aan te neem dat hy 'n gewone mens was, 'n gewone aardse koning, wat in die dae van Abraham in Kanaän gelewe het.

In Gen. 14 vind ons so duidelike geskiedenis vermeld, bepaalde geskiedenisplekke soos Sinear, Elam, Sodom en Gomorra en van Salem, die latere Jerusalem (Ps. 76: 3)— asook bepaalde historiese persone t.w. Amrafel, Ariog, Kedor-Laomer, Tideal Bera, Abraham en Lot, en waarom sou Melgisedek ook nie netso 'n doodgewone mens gewees het nie, soos Abraham en sy tydgenote nie? Ons lees verder as Abraham terugkom na sy oorwinning op Kedor-Laomer dat daar twee ontmoetings was. Ons lees dat Bera, die Koning van Sodom hom tegemoet gekom het, en miskien was hy nog getuie van hierdie ontmoeting tussen Abraham en Melgisedek.

Die Bybel maak geen verskil tussen die twee ontmoetings nie, asof die een 'n verskyning van 'n bonatuurlike wese of Engel was en die ander een nie.

Melgisedek was dus 'n gewone mens, 'n Kanaäniet en 'n tydgenoot van Abraham. Melgisedek beteken: „Koning van geregtigheid." Hy is koning van Salem, die latere Jerusalem. Hy is verder priester van die allerhoogste God. Hy het onder sy familie en volk die diens

van God suiwer bewaar, en so as dienaar van die ware God, priester en koning oor sy volk!

Die digter Dawid (vgl. Ps. 110) en die skrywer van die Hebreërsbrief gebruik van die persoon en handelinge van Melgisedek om die Christus te verklaar.

Die persone word nie met mekaar vergelyk nie, maar wel hulle ampte — d.w.s. die amb van Melgisedek word vergelyk met die van Christus.

Dawid vergelyk in Psalm 110 nie Christus met die gewone mens Melgisedek nie, maar Christus se koninklik-priesterlike amb word vergelyk met die van Melgisedek.

Ons kan sê die eerste 7 hoofstukke van Hebreërs wil in die volle lig stel die Hoëpriesterskap van Christus.

In Hoofstuk 1 (vgl. vs. 9) word die voortreflikheid van Christus geskets — ja dat God Hom gesalf het met vreugdeolie bo Sy metgeselle.

In Hoofstuk 2 word Christus as Gesalfde Hoëpriester, verhef bo die Engele, omdat Hy deur Sy priesterlike barmhartigheid en getrouheid die sondes van die volk versoen het. In Hoofstukke 3 en 4 word Christus geteken in Sy Hoëpriestelike voortreflikheid, ja bo Moses, omdat Hy in die ewige Sabbatsrus inlei, wat Moses nie kon doen nie.

In Hoofstukke 5 en 6 word Christus se Hoëpriesterskap geteken bo die van die Hoëpriesters van die Ou Verbond, deurdat Christus ewige verlossing bewerk het. Dan volg eindelik in Hoofstuk 7 die grootheid en heerlikheid van die priesterskap van Melgisedek, bo die van die Leviete, en dat Melgisedek dan 'n tiepe is, 'n voorafskaduwing van Christus se priesterskap wat sou kom.

In Hebreërs word dus gehandel oor die priesterskap in Melgisedek, van sy amb, sy koninklike-priesterlike amb. Dit gaan oor die ambsverklaring. Die apostel sê nie dat Melgisedek as mens, sonder vader, sonder moeder, sonder geslagregister, sonder begin van dae of lewenseinde was nie — maar hy sê dat Melgisedek se priesteramb van die aard of karakter was. Hy sê, dat, waar die

Levietiese priesters uit 'n priesterlike geslag moes wees. daar was Melgisedek dit nie, Christus later ook nie.

Volgens die orde van Aäron kon alleen die Stam van Levi tot die heilige dienswerk aangestel word. Toe Korag, Datan en Abiram hulle die priesteramp wou toe-eien is hulle deur God op wonderbare wyse gestraf. (Num. 16, Num. 3: 10, Num 4.). Alleen die Stam van Aäron het gebloei. (Num. 17). Volgens die orde van Aäron was die priesterskap afhanklik van die volgende voorwaarde: jou vader en moeder moes uit priesterlike geslag wees, jou Stamboom moes dit aantoon en dit was verder vasgestel tussen 30-50 jaar.

Melgisedek se priesterskap is nie volgens één van hierdie bogenoemde voorwaardes bepaal nie. Wanneer hier staan: „Sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde . . . . dan bedoel dit alleen dat sy amb van priesterkoning het hy nie deur erfopvolging nie, maar op besondere wyse, regstreeks van God uit die hemel, dit is onmiddellike roeping van Godsweë.

En sodanige priesterskap het weer in Christus, die Son van Geregtigheid vir ewig opgekom in volle heerlikheid.

Christus was nes Melgisedek nie uit priesterlike geslag nie, maar uit die Stam van Juda. Hy is dus na die eed — sweringswoord van God, Priester vir ewig. Melgisedek was dus duidelik 'n tiepe, afdruk, ewebeeld van Christus (Hebr. 7: 15). In Melgisedek se priesterskap het God vir ons die oorsprong en karakter van Christus se priesterskap geopenbaar. Melgisedek tree op as koning, as priester en profeet, want in die Hebreeuse woord Kohen het ons die betekenis van „noue omgang" of „nader kom" uitgedruk. „Hy het dus toegang tot die teenwoordigheid van God. So is hy tegelyk ook profeet om toekomstige dinge te voorspel, verborge dinge te ontvou.

En so stel Melgisedek in sy drievoudige amb, koning, priester, profeet, Christus voor, is hy 'n tiepe van Christus.

Hy word genoem: Koning van Geregtigheid, Koning van vrede (Salem).

So is Christus koning van Geregtigheid, deurdat Hy ons deur Sy Middelaarsgeregtigheid verlos, en is Hy Vredevors omdat Hy deur Sy vleeswording en Soenoffer die verbroke vrede tussen God en die sondaar herstel. Hy herstel die breuk tussen die hemel en aarde en bring vrede onder die mensekinders. Hy sal regeer as koning van die see tot aan die see en van die Rivier tot aan die eindes van die aarde toe, (Ps. 72: 8) en as Priester van die allerhoogste God leef Hy gedurig om in te tree vir sondaars as barmhartige Hoëpriester, en red diegenes wat deur Hom tot God gaan. As Profeet maak Hy die wil van God aan sondaars bekend.

Wat 'n ontmoeting tussen Abraham en Melgisedek word ons verhaal? Abraham staan hier op die hoogtepunt van sy mag. Hy het net teruggekeer van die oorwinning op die vier Konings. Maar Melgisedek wat hom ontmoet, toon hier dat hy meer as Abraham is. Hy gee hier aan Abraham 'n nuwe besondere openbaring. Die brood en wyn wat hy aan die Vader van alle gelowiges bring is met die seën verbind.

Die seën kleef daaraan vas.

En Abraham gee tiendes uit dankbaarheid. Calvyn sê hiervan: Melgisedek handig hier die verbond en beloftes oor aan Abraham. En laat die brood en wyn ons nie denk aan die Nuwe Testamentiese Nagmaal? Wys dit nie eeue vooruit op die sinnebeelde van Christus gebroke liggaam en vergote bloed tot seën vir sondaars?

Melgisedek se priesterskap wys dus vooruit op Christus. Christus is priester deur die eedsweringswoord van God. En op die eedsweringswoord van God kan nie weer teruggegaan word nie. Dit sal God nooit berou soos ons ook lees in Hebr. 7:21 en in Psalm 110:4.

Die priesterskap van Aäron was tydelik, dit het oorgegaan van die een op die ander. Maar Christus se priesterskap is ewig. Hy het die Dood deurgegaan en vir ewig gebly en Hy lewe en ons sal lewe. Die Messiaskoning, die Leeu uit die Stam van Juda sal die sondemag breek en die vyande van God oorwin.

Melgisedek het Abraham geseën nie by 'n kunstig geboude tempel nie, maar langs die pad in die oop veld — ook offer hy nie op 'n met die hand geboude altaar nie.

So het Christus die gehele wêreld as sy tempel, die gehele natuur as Sy eie deur Homself gemaak. (Hebr. 1 : 2, 3 : 3—5).

In die woestyn het Hy geseën, en weg van die tempel, buite die Stad op Golgota het Hy selfopofferend gesterwe.

Die priesterskap van Aäron was verbind aan die tempel en die altaar, vir alle offers en elke seën.

Maar Christus, volgens die orde van Melgisedek, sal almal wat deur Hom tot God gaan vir ewig en volkome verlos en seën, dan is daar die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid sal woon, en daar sal geen tempel wees nie, want die Here God, die Almagtige is die tempel en die Lam (Openb. 21 : 22).

Maar hierdie nuwe hemel en nuwe aarde is alleen daar as gevolg van die geslagte Lam. Christus moes ook die priesterskap deur volgens die orde van Aäron. Dit was die staat van Sy vernedering. Hy moes vir die sonde geoffer word. Na die orde van Aäron moes Hy in gehoorsaamheid vir die ongeregtigheid boet — Hy is die Middelaar.

Die seën wat Abraham ontvang kleef vas aan die brood en die wyn. So moes Christus deur Sy kruisdood die Geregtigheidsseën verwerf vir sondaars.

Christus moes dus staan volgens die orde van Aäron, en volgens die orde van Melgisedek en as Seun van die lewende God die Hoëpriesterlike versoeningswerk verrig.

Is dit nie daarom dat Christus eers op 30-jarige leeftyd, volgens die orde van Aäron, die Levietiese wet, in die openbaar opgetree het as Messias-koning?

Hy moes ook dus alle geregtigheid van God vervul, soos ook deur Sy doop bewys word. (Matt. 3 : 15).

In Christus sien ons dus die skadubeeld van die priesterskap van Aäron, maar ook die ewebeeld van die priesterskap van Melgisedek.

In Aäron se priesterskap sien ons dus 'n voorafskaduwing van die Vleesgeworde Woord van God, wat deur altaarvlamme as Offerande werklik verteer sal word, ja buig onder Gods heilige geregtigheid teen die Sonde.

Melgisedek kan dus nie los van Christus verstaan word nie. Hy beeld af die nuwe priesterorde wat Christus moet inlei.

En die nuwe priesterorde het 'n nuwe priestergeslag en 'n nuwe wet nodig gemaak.

Die nuwe priestergeslag het uit die geslag van Juda gekom (Christus) en die nuwe wet wat in die plek van die wet van werke gekom het, was die wet van liefde!

So staan Christus daar as die Hoëpriester van die Nuwe Testamentiese geloof, en beklee sy amp as Koningpriester uit die innerlike en ewige krag waaroor Hy beskik.

Christus wil die lewe en seën nie alleen vir Homself behou nie, maar as ons ewige barmhartige en meelydende Hoëpriester wil Hy die Geestelike en ewige lewe meedeel aan almal wat op sy offerande vertrou, en Hom as hulle enigste Middellaar aanneem.

Alleen so kan ons die geheimsinnige persoon van Melgisedek verstaan. Wat hy was, dit was hy om Christus ontwil. Christus is die ander priester wat opgestaan het na die ewebeeld van Melgisedek. (Hebr. 7 : 15).

F. J. Z. BOOYSEN.

O Vredevorst, Gij kunt gebieden
Den vreed' op aard' en in mijn ziel!
Doe elken zondaar tot u vlieden,
Dat al wat ademt voor U kniel'!
Dit zal de God des heils bewerken,
Hij zal den zetel, u bereid,
Met recht en met gerechte sterken:
Hem zij de lof in eeuwigheid!



Barend Hermanus Pieterse, geb. 11 Jan. 1845 en sy eggenote *Johanna Catharina,* geb. van Niekerk, geb. 17 Junie 1847.

Hy het in 1873 uit die Kaapkolonie na Transvaal getrek en het hom op die plaas Cyferfontein, dist. Potchefstroom gevestig en het tot die Hervormde gemeente van Klerksdorp behoort. Hierdie gemeente is met die sogenoemde kerkvereniging ook gedesorganiseer, en die heer Pieterse was een van die persone wat saam met verskillende andere alle kragte ingespan het om orde op sake te stel. Hy is toe as ouderling gekies en broeder F. W. Ernst was sy diaken. In 1907 het hy weens ouderdom bedank en in 1910 is hy oorlede. Sy eggenote is reeds in 1889 heengegaan.

S.P.E.

'N KONFLIK IN DIE GEMEENTE WAKKERSTROOM (VOLKSRUST).

Volksrust is een van die oudste gemeentes van ons Kerk. Vroeër was dit bekend onder die naam Martinus Wesselstroom en daarna as Wakkerstroom. Na die mislukte kerkvereniging van 1885 is die sentrum na Volksrust verskuif en het die teenswoordige naam in gebruik gekom. Dit was ds. Dirk van der Hoff, die Voortrekker-predikant in Transvaal, wat hierdie streek die eerste bearbei het. Sy eerste besoek het in Desember 1854 plaasgevind. Daar is toe 'n ouderling benoem en die hele Suid-Oostelike hoek van Transvaal is as 'n wyk van Potchefstroom georganiseer. Ds. van der Hoff het verskillende male met die ossewa daarheen gereis, en by die geleenthede het hy op verskillende plekke onderweg kerk gehou. Met sy besoek in April 1861 is 'n kerkraad ingestel en die streek as die gemeente Martinus Wesselstroom georganiseer. Ds. van der Hoff het konsulent gebly tot 1870 toe ds. van Warmelo wat in 1869 predikant in Heidelberg geword het, dit van hom oorgeneem het.

Op 22 en 23 Oktober 1864 was daar weer nagmaal. Ds. Van der Hoff het Sondagmiddag met die dankseggingsdiens oor 1 Petrus 1 vers 3 gepreek: *Geloofd zij de God en Vader onzes Heeren Jezus Christus, die naar Zijn groote barmhartigheid ons heeft wedergeboren tot een levende hoop, door de opstanding van Jezus Christus uit de dooden.* Hy het in die preek oor die wedergeboorte gehandel en in verband daarmee ook oor die beeld Gods in die mens. Na die diens het 'n sekere persoon met die naam van H. D. Sassenberg wat nog maar kort gelede uit die Kaapkolonie in Transvaal gekom het, onder die kerkgangers rondgestrooi dat ds. Van der Hoff se preek ketters was. Dit het 'n opskudding veroorsaak. As mens al die stukke nagaan is dit baie duidelik dat ds. Frans Lion Cachet daar agter gesit het. Hy was toe besig om planne te beraam vir 'n inval op kerklik gebied in Transvaal, en

wou 'n skeuring in die Hervormde Kerk bewerkstellig. Sy plan was om met Wakkerstroom te begin en die hele gemeente vir hom te annekseer. Soos ons later sal sien, het dit wat Wakkerstroom aanbetref, op niks uitgeloop nie, want die gemeente het trou aan die Hervormde Kerk gebly en het ds. Van der Hoff gehandhaaf en nie na die gefluit van die vogelaar geluister nie.

Mens vind soms van hierdie gebeurtenis allerhande skewe voorstellings en daarom wil ons dit hier beskryf, ook omdat dit 'n kykie gee op die kerklike toestande van daardie dae. Dit is egter nodig om vooraf eers korteliks uiteen te sit wat die Skrif aangaande die beeld Gods in die mens leer, en hoe die Hervormde Kerk hieroor gedink het en hierdie leerstuk bely. Daarna sal ons die voorval beskryf en dan sal die leser beter instaat wees om te kan oordeel of die preek van ds. Van der Hoff werkelik ketters was.

Die beeld Gods in die mens.

Ons sal eers die tekste in die Skrif noem wat oor die beeld Gods in die mens handel, daarna die beskouing van Calvyn meedeel, dan wat die belydeniskrifte van die Hervormde Kerk hieromtrent leer, en daarna die gevoelens van 'n paar bekende godgeleerdes van die Hervormde Kerk; verder sal ons die gevoelens van die Roomse Kerk en van Luther noem.

Die Heilige Skrif. In Genesis 1 vers 26 en 27 word gesê dat God die mens na sy beeld en gelykenis geskape het, en in Genesis 9 vers 6 dat hy wat 'n ander mens doodmaak, self ook doodgemaak moet word, want die mens is na Gods beeld gemaak. Hieruit volg duidelik dat die mens nie alleen vóór die sondeval 'n beelddraer Gods was nie, maar ook nog daarna. Ander bybelplase is Romeine 8 vers 29, 1 Korinte 11 vers 7 en Efese 4 vers 24.

Calvyn. In sy Institusie is Calvyn baie duidelik hieroor. Hy sê dat die beeld Gods geestelik is en in die siel van die mens te vinde is. Dit moet gesoek word in die tekens van die uitnemendheid wat God aan Adam bo al die diere gegee het. Die Heer wil dat aan al die mense

goed gedoen moet word al is die grootste deel van hulle dit nie werd nie, want hulle is tog beelddraers Gods. By die huisgenote van die geloof moet mens nog meer ag gee op die beeld Gods, want dit is by hulle deur die Gees van Christus vernuut en weer opgerig. Calvyn verstaan onder boetvaardigheid die wedergeboorte wat geen ander doel of oogmerk het dan om die beeld van God wat deur Adam se oortreding verontreinig en byna uitgewis is, in die mens weer op te rig en te herstel. Daar is egter 'n verskeidenheid onder die mense. Die een blink bo die ander uit. In hierdie verskeidenheid kom ook enige oorgeblewe tekens van die beeld Gods uit, wat die hele menselike geslag van al die ander skepsels onderskei. Die mensheid is met 'n bietjie lig begiftig, maar dit is nie voldoende om God daaruit te begryp nie.

Die belydenisskrifte. Dit is drieërlei: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreels. Al drie is baie duidelik oor die beeld Gods in die mens, en ons sal meedeel wat elk afsonderlik hieromtrent leer.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis. In artikel XIV hiervan word oor die beeld Gods in die mens gehandel. Die mens is deur God na sy beeld en gelykenis geskape, goed, regverdig en heilig, instaat om met sy wil in alles met die wil van God ooreen te stem. Maar die mens het hom deur die sonde van God afgeskei en sy natuur verderwe. Hy het al sy uitnemende gawe hierdeur verloor en niks anders as klein oorblyfsels daarvan behou wat genoeg is om hom alle verontskuldiging te beneem. Die gevalle mens het dus ook nog die beeld Gods in hom.

Die Heidelbergse Kategismus. In vraag 6 word gesê dat God die mens goed en na sy ewebeeld geskape het; en dan verklaar die kategismus self wat onder die beeld Gods verstaan moet word, namelik ware geregtigheid en heiligheid. Volgens vraag 7 is hierdie beeld in die mens nie verlore nie maar wel verdorwe. Die gevalle mens bly dus 'n beelddraer Gods.

Die Dordtse Leerreels. Die vraag oor die beeld Gods in die mens word in hoofstuk III en IV behandel. Aan

duidelikheid word niks te wense oorgelaat nie. Die mens is na Gods beeld geskape, in sy verstand met ware en salige kennis en van ander geestelike sake deur sy Skepper versier; in sy wil en in sy hart met geregtigheid en in al sy geneenthede met suiwerheid sodat hy dus heeltemal heilig was. Deur die val het die mens homself van hierdie gawe beroof, maar na die val is daar tog nog enkele straaltjies van die lig van die natuur in hom oorgebly waardeur hy enige kennis van God behou het, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betamelik en onbetamelik is, terwyl hy ook enigsins 'n strewe na deug en uiterlike tug openbaar. Maar hy kan nie deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God kom en hom bekeer nie, en in die natuurlike en burgerlike sake gebruik hy hierdie lig nie reg nie.

Vir die wedergeboorte word die woorde *vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode* en *lewendmaking* gebruik. God werk dit sonder ons in ons. Hy vernuut die wil.

Die beeld van God behoort tot die wese van die mens, en aangesien die sondeval die natuur van die mens nie weggeneem het nie maar verdorwe en geesteliker wyse gedood het, so werk die goddelike genade van die wedergeboorte in die mense nie as in stokke en blokke nie, en vernietig die wil en sy eienskappe nie en dwing hulle nie met geweld nie, maar dit maak die mense geestelik lewendig, heel, verbeter en buig hulle. M.a.w. die wedergeboorte sluit dus by die mens aan, dit herstel die mens.

Enige Hervormde godgeleerdes. Die Hervormde godgeleerdes is dit omtrent almal met die opvatting van Calvyn en die belydenisskrifte eens. Ons wil dan ook net 'n paar noem. In die eerste plek die beskouings van die *kanttekeninge* wat die vertalers by die Statebybel gemaak het. Hierdie kanttekeninge gee die stand van die Hervormde godgeleerde wetenskap van drie honderd jaar gelede goed weer. Dit leer ook hoe die Hervormde Kerk oor verskillende vraagstukke van leerstellige aard dink. Ook oor die skepping van die mens na Gods beeld. By

Genesis 1 vers 26 teken die kant aan dat onder die beeld Gods vernamelik verstaan moet word die ware kennis van God, Kol. 3 vers 10, en die ware geregtigheid, Efese 4 vers 24. By Genesis 9 vers 6 sê die kant dat die beeld Gods in die mens deur die val wel geskend en verbreek is, maar dat God om verskillende redene enige oorblyfsels daarvan in die mens gelaat het, en Hy wil dat dit nie geskend sal word nie. By Romeine 1 vers 19 verklaar die kant dat God soveel van Hom aan die heidene geopenbaar het as wat 'n mens sonder Gods woord uit die natuur kan weet van God. Hy het dit eensdeels deur die wet van die natuur in hulle gewetens geopenbaar, en anderdeels deur die aanskouing van die skepsels Gods waardeur Gods eienskappe as dit ware getas word.

By Efese 4 vers 24 teken die kant by die woorde „nuwe mens" aan dat die apostel die wedergeboorte of die vernuwing van die mens so noem; dit bestaan in die verligting van die verstand en die verandering van die wil tot heiligheid en regverdigheid, waarin die beeld van God bestaan.

Die Synopsis Purioris Theologiae. Hierdie boek het in 1625 vir die eerste keer verskyn en is daarna verskillende male herdruk. Dit is in Latyn geskryf deur vier Leidse professore en was jare lang die handboek wat in Nederland aan die universiteite gebruik is om die leer van die Hervormde Kerk uit te bestudeer. Dit is 'n eerste hands bron vir die kennis van die Hervormde dogmatiek en is wat ketterse gevoelens aanbetref, bo alle verdenking verhewe. Oor die beeld Gods in die mens sê dit dat daaronder verstaan moet word: goedheid, regtheid, volmaaktheid, of die mens se beste staat, sy voortreflikheid bowe die orige lewende wesens en digter nabykoming tot God.

Wilhelmus à Brakel wie se Redelyke Godsdienst deur die ou mense baie gelees is, spreek dieselfde gevoelens uit.

Bernardus Smytegeld, ook deur die ou mense baie gelees, gee dieselfde uiteensetting van die beeld Gods in die mens.

Ons sou nog 'n hele reeks Hervormde godgeleerdes kon noem maar volstaan hiermee. à Brakel en Smytegeld is aangehaal omdat die ou mense hulle geskrifte baie gelees het en dit geken het. Die Hervormde Kerk het altyd ooreenkomstig sy belydenisskrifte onder die beeld Gods in die mens verstaan die ware kennis Gods, geregtigheid en heiligheid. Dit is deur die val van Adam grotendeels verlore gegaan, maar nie heeltemal nie, daar het oorblyfsels daarvan in die mens gebly, sodat die gevalle mens ook nog 'n beelddraer van God is. Christus herstel hierdie beeld in die gevalle mens. Hy rig dit weer op. Hy wek die mens weer op. Met die wedergeboorte word daar dus van buite af niks nuuts in die mens gebring nie. Nee, die kiem in die mens wat so te sê dood is, word weer lewend gemaak. Die verbrokene word weer herstel.

Die Roomse en Lutherse opvatting staan hier lynreg teenoor. Die Roomse Kerk leer dat die beeld Gods nie tot die wese van die mens behoort nie, maar 'n toevoegsel was wat met die sondeval verlore is. Ook volgens die Lutherse opvatting het die mens die beeld Gods met die val in sy geheel verloor. Dit het tot die beskouing gelei dat die gevalle mens as 'n stok en 'n blok is.

Dit is nodig om hierdie uiteensetting goed in gedagte te hou by die uiteensetting van die volgende gebeurtenis.

Die Wakkerstroomse Voorval.

Die nagmaalsviering het, soos reeds gesê, op 22 en 23 Oktober 1864 op Wakkerstroom plaasgevind, en ds. Van der Hoff het Sondagmiddag met die dankseggingsdiens oor 1 Petrus 1 vers 3 gepreek. Na die diens het hy in die tent van die heer Wessel Uys gesit toe ouderling Piet Stoop en oud-diaken Hendrik van Rensburg by hom kom en hom meedeel dat daar mense was wat hom van 'n valse leer beskuldig. Sy preek die middag oor die wedergeboorte sou met die Skrif in stryd gewees het, en op 'n vraag van ds. Van der Hoff het hulle geantwoord dat dit ouderling F. N. Vermaak en H. D. Sassenberg was wat hierdie gerugte rondgestrooi het.

Vermaak was vanaf 1 Desember 1861 ouderling van die gemeente. Sassenberg was 'n Duitser en is in Oktober 1813 in Hamburg gebore. Dit is nie bekend wanneer hy na Suid-Afrika gekom het nie. Waarskynlik wel op volwasse leeftyd, sodat hy sy godsdienstige onderrig nog in die Lutherse leer ontvang het, want in sy beskuldiging teen ds. Van der Hoff is dit duidelik dat hy in teenstelling met laasgenoemde op Lutherse standpunt gestaan het. Sy geskooldheid wys ook op 'n Europése opvoeding. Vroeër het hy in Riversdal, Kaap-kolonie, gewoon waar hy verskeie jare ouderling was en die opwekking van 1860 en daarna meegemaak het en die invloed van die metodisme ondergaan het. In die Kaapkolonie van daardie dae was dit amper mode om mekaar oor en weer van kettery te beskuldig, en hierdie neiging van ketterjagery het hy daarvandaan gebring. Hy het in 1863 in Transvaal gekom en hom in die distrik Wakkerstroom gevestig, en met hierdie nagmaal het hy vir die eerste keer 'n Hervormde kerkviering in Transvaal bygewoon. Hy het ds. Van der Hoff nie persoonlik geken nie, en het ook nie die moeite geneem om met hom kennis te maak nie, want hy was heel waarskynlik met die gewone Kaapse vooroordeel van daardie dae teen hom besiel.

Ds. Van der Hoff het in die preek geleer dat die kiem van die wedergeboorte in die mens aanwesig is, en het dit gestaaf met 'n beroep op artikel XIV van die Nederlandse Geloofsbelydenis waar van die geringe oorblyfsels van die beeld Gods in die mens gespreek word, en verder ook nog met verskillende skriftuurplekke. Maar hy het met nadruk gesê dat Gods Gees alleen hierdie kiem kan opwek en ontwikkel.

Agter dit alles het weer ds. F. Lion Cachet gesit. Hy het toe pogings aangewend om hom in die Republiek in te dring en 'n plan te beraam om 'n skeuring op kerkelik gebied te bewerkstellig. Met die oog hierop het hy reeds 'n paar maande van te vore 'n brief aan die kerkraad van Wakkerstroom geskryf.

Toe ds. Van der Hoff verneem watter gerugte Sassenberg en Vermaak rondstrooi, het hy na die kerk ge-

gaan, want die gemeente was baie onstuimig en wou hê dat hy die twee beskuldigers sou vra om hulle beskuldiging te bewys. 'n Groot gedeelte van die gemeente was dan ook al gou in die kerkgebou. Sassenberg en Vermaak se beskuldigings het hierop neergekom dat ds. Van der Hoff dit voorgestel het dat die mens nog 'n kiem van lewe in hom het en dat hy daardeur die genadige invloed van Gods Gees tot bekering van sondaar misken het. Ds. Van der Hoff het die twee beskuldigers gevra waarom hulle met hom nie eers persoonlik oor hulle besware kom praat het nie. Hy het ook ontken dat dit sy opvatting is dat die mens deur eie ontwikkeling kan salig word.

Sassenberg het op die Lutherse standpunt gestaan wat leer dat die onwedergebore mens soos 'n stok en 'n blok is. Verder het hy die metodistiese gees van die opwekkings waar hy in die Kaapkolonie mee in aanraking gekom het, ook hier geopenbaar. Hy het meer en meer oor die ondervinding van Gods genade gepraat en het eindelik sover gegaan dat hy van homself begin getuig het en voor die hele gemeente verklaar het dat hy 'n kind van God is, en hy het hierop Vermaak by die hand gevat en gesê dat Gods Gees in hom getuig dat Vermaak ook 'n kind Gods is. Vermaak het toe die woord geneem en op iemand anders gewys en gesê dat daardie persoon ook ondervinding van Gods genade het, en hom gevra om ook van die wedergeboorte te getuig. Hierdie derde persoon het egter stil gebly en toe het Sassenberg weer die woord geneem en al hoe heftiger gepraat en verder gegaan met hierdie metodistiese redenasies en eindelik gesê dat ds. Van der Hoff die kroon van die hoof van God afgeneem het en dit op die hoof van die sondaar plaas, en beweer dat ds. Van der Hoff liberaal is. Ds. Van der Hoff het baie verontwaardig geword en gesê dat sy beskuldigers sal moet bewys wat hulle beweer.

Ds. Van der Hoff was driftig van aard en het in die versoeking gekom om kwaad te word maar hom tog beheers. Self het hy die volgende hieroor geskryf: „Nu werd het voor mijn gevoel te zwaar, en bijna gaf ik mijne verontwaardiging lucht in bittere woorden, doch de Heer

plaatste een wacht voor mijn lippen en ik hield mijn tong in toom en vergenoegde mij, door tusschenkomst van den heer Petrus Hermanus Uys, met een einde te maken aan deze doellooze vertooningen in verbitterde taal mijner beschuldigers, en zeide dat ik morgen met mijn kerkraad zou gaan zitten en dan die zaak geregeld zou laten voorkomen."

Maandag het die kerkraad saamgekom. Sassenberg en Vermaak het hulle beskuldigings nou skriftelik ingehandig, en ds. Van der Hoff het dit aan die kerkraad voorgelees. Die beskuldigings het hierop neergekom dat ds. Van der Hoff die volgende in sy preek sou geleer het:

Die kiem van die wedergeboorte lê van nature in die hart van ieder mens, en hierdie kiem moet slegs ontwikkel word en niks meer nie. Hierdeur het ds. Van der Hoff die werking van Gods Heilige Gees deur Jesus onse Heer kragteloos gemaak in die mens, en die eie krag van die mens versterk, terwyl die Heilige skrif leer dat die mens dood is in die sonde en misdade en vervreemd van die lewe van God en die Gees nie het nie en hatelik is en God hatende. Ds. Van der Hoff het in sy preek art. XIV van die Ned. Gel. Bel. aangehaal en dit in hierdie sin uitgelê, ook het hy Gen. 4 aangehaal en dit so uitgelê dat God sou belet het om mense bloed te vergiet „omrede dat Gods beeld nog in den mensch was." Hy het ook tot staving Handelinge 17:28 aangehaal „Gij zijt van Gods geslagt, gebruikende dus de taal der Heidensche dichters om het woord Gods te staven." Ook het hy gesê dat in die bybel weinig oor die wedergeboorte bekend staan, slegs vier of vyf plekke.

Ds. Van der Hoff het na die voorlesing van die klagbrief die voorsitterstoel aan die oudste ouderling Pieter Stoop gegee en het gemeen dat hy nou sou kans hê om homself te verdedig, maar sy beskuldigers het hom dit belet en hierin is hulle gehelp deur H. Loxton, diaken by die Ned. Geref. Gem. Utrecht wat onder ds. F. Lion Cachet gestaan het. Dit werp 'n eienaardige lig op die prosedure voor die kerkraad. In die eerste plek vra mens

hom af waarom Sassenberg en Vermaak dit wou verhinder dat ds. Van der Hoff op die beskuldigings teen hom sou antwoord, en in die tweede plek wat het ds. Cachet se diaken Loxton wat nie lid van die Hervormde Kerk was nie, daar te doen gehad. Mens sien hoe Cachet hom wou inmeng in die aangeleenthede van die Hervormde Kerk en 'n skeuring wou veroorsaak. Dit moet onthou word dat hy 'n paar maande tevore reeds aan die kerkraad geskryf het.

Wat die inhoud van die klagskrif aangaan val dit op dat ds. Van der Hoff se uitleg van Gen. 9 vers 6 dieselfde is as die van die kanttekenare van die State Bybel. Hulle beskuldig hom dat hy met die aanhaling van Handelinge 17 vers 28 hom op 'n heidense digter beroep, terwyl dit Paulus was wat dit gedoen het, en ds. Van der Hoff dit as Paulus se woorde aangehaal het.

Ds. Van der Hoff het die wenk gegee dat die kerkraad die saak vir ondersoek na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moes verwys, wat ook besluit is. Maar nou het Sassenberg en Vermaak met die eis gekom dat die ondersoek op Wakkerstroom moes plaasvind en dat twee „bekeerde leeraars" nl. ds. P. Huet van Maritzburg en ds. G. van de Wall van Bloemfontein dan ook in die Kommissie moes sitting neem. Die kerkraad het sy wens uitgespreek dat die eerste eis toegestaan sou word, maar het nie op die tweede ingegaan nie. Mens sien hieruit hoe Sassenberg — want Vermaak het maar agter hom aangeloop — die predikante van die Hervormde Kerk gewantrou het. Dit is ook weer 'n voorbeeld hoe sommige mense uit die Kaapkolonie deur hulle metodistiese opvatting van die bekering, hulle verbeel het dat hulle beter was as die ander mense.

Ds. Van der Hoff is na die nagmaalsviering weer terug na Potchefstroom. Hy het 'n lang en uitvoerige verhaal van die gebeurtenisse opgestel wat omtrent agt bladsye van die Almanak sou beslaan as dit gedruk moes word, en op 13 November, die eerste Sondag na sy tuiskoms, het hy dit van die kansel aan die gemeente voorgelees, terwyl hy oor dieselfde teks gepreek het as in Wakkerstroom. Hy wou dat sy gemeente moes weet wat hy in Wakkerstroom gepreek het, en het in die stuk wat hy voorgelees het 'n uitvoerige uiteensetting van sy opvatting van die wedergeboorte gegee. Dit het hierop neergekom dat die mens die kiem van die wedergeboorte in hom het wat deur die Gees Gods opgewek moes word. Met hierdie kiem het hy die beeld Gods in die mens bedoel wat, soos die belydenisskrifte duidelik leer, met die sondeval wel verbreek maar nie heeltemal uitgewis is nie. Hy het weer gewys op art. XIV van die Ned. Geloofsbelydenis waar gepraat word van geringe oorblyfsels daarvan in die mens. Ook het hy o.a. Romeine 1 vers 20 aangehaal waar die Skrif leer dat die mens uit die natuur God kan ken, maar dat hierdie natuuropenbaring nie voldoende is ter saligheid nie, dit is alleen voldoende dat die mens hom nie kan verontskuldig nie. Ds. Van der Hoff het nog na meer skriftuurplekke verwys en met nadruk na die derde en vierde hoofstuk van die Dordtse Leerreels waar duidelik geleer word dat die mens na die sondeval nie opgehou het om mens te wees nie, maar nog 'n beelddraer Gods is. Geen stok of blok, geen lewelose boomstam of klip nie. Deur die Gees van God word die wedergeboorte in die mens bewerkstellig.

Hierdie uitvoerige stuk is deur ds. Van der Hoff saam met die klagte van Sassenberg en Vermaak aan ds. Begemann gestuur, die skriba van die Komm. van die Alg. Kerkvergadering. Ds. Van der Hoff self was die praeses, soos die voorsitter in daardie dae offisieel genoem is, maar daar hy in die saak betrokke was het sy secundus, ds. G. W. Smits, opgetree. Ds. Van der Hoff is met sy twee beskuldigers, Sassenberg en Vermaak, opgeroep om op 23 Januarie 1865 te verskyn, maar laasgenoemdes het geweier. Hulle het geëis dat die saak op Wakkerstroom behandel moes word. Die Kommissie het toe ds. Begemann en ouderling C. F. J. Meyer en diaken W. L. Pretorius van Suikerboschrand (die latere gemeente van Heidelberg) na Wakkerstroom afgevaardig vir 'n voorlopige ondersoek.

Hierdie kommissie het op 15 April 1865 in die kerk op Wakkerstroom saamgekom. Verskillende getuie is verhoor. Toe Sassenberg getuienis moes gee het hy sy eis volgehou dat ds. Huet en ds. Van de Wall teenwoordig moes wees as die Algemene Kommissie die saak sou behandel. Op 'n vraag of hy die kerkregering en die predikante van die Republiek dan onbevoegd beskou om oor geloofswaarhede te handel en sulke sake te behandel, wou hy geen antwoord gee nie. Om een uur het die kommissie verdaag en twee uur is die vergadering weer heropen. Sassenberg het nou, na die vergadering, met 'n spiksplinternuwe ding voor die dag gekom. Hy en Vermaak het verlang dat die kommissie dokumente moes voorlê om te bewys dat hulle wettig deur die Algemene Kommissie na Wakkerstroom afgevaardig was. Ds. Begemann het duidelik gemaak dat die kerkwet dit nie vereis nie. Sassenberg en Vermaak het hulle besware gehandhaaf en gesê dat hulle teen alles is wat in stryd is met die kerkwet. Ds. Begemann het weer verklaar dat die kerkwet glad nie van sulke geloofsbriewe melding maak nie. Sassenberg het hierop geantwoord dat dit in die Kaapkolonie wel die gewoonte was om so 'n kommissie van geloofsbriewe te voorsien. Hierop moet ons aanmerk dat ook in die Kaapse kerkwet nie van geloofsbriewe vir sulke kommissies gerep is nie. Maar, al was dit ook so, al was dit die gewoonte *daar*, in Transvaal was dit nie die gewoonte nie. Hulle het ook op hulle eis bly staan dat ds. Huet en ds. Van de Wall mede aanwesig moes wees as die Alg. Komm. sou sit en dat dit op Wakkerstroom sou geskied. Ds. Begemann het daarop gewys dat hulle hul voortdurend op die wet beroep maar in werklikheid die saak nie volgens die wet wou laat behandel nie. Sassenberg en Vermaak het botweg geweier om verder enige verklaring en inligting te gee tensy die kommissie aan hulle geloofsbriewe kon voorlê.

Die kommissie het 'n volledige verslag van die verrigtings opgemaak en dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gestuur.

Ds. Smits het die Algemene Kommissie vir 26 Junie 1865 op Rustenburg saamgeroep. Hierdie plek van samekoms was deur die kerkwet vasgestel, want art. 31 van die „Algemene Bepalingen" het neergelê dat die Kommissie daar moes vergader „waar de praeses woont." Sassenberg en Vermaak is ook opgeroep, maar het op 18 April aan ds. Smits geskryf dat hulle weier om te verskyn omdat die voorlopige kommissie van ondersoek geen geloofsbriewe gehad het nie, en dat hulle wou hê dat die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering op Wakkerstroom, en saam met ds. Huet en ds. Van de Wall moes sit. Hulle het met die dreigement geëindig dat „indien ons verzoek niet mogelijkheid heeft toegestaan te worden zoo zijn wij met onze orthodoxe vrienden overeengekomen om verder besluit te nemen." Hierdie brief was behalwe deur Sassenberg en Vermaak ook nog onderteken deur diakens G. J. Viljoen en G. J. Visagie wat hulle nou by Sassenberg en Vermaak gevoeg het.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op die bepaalde tyd, 26 Junie 1865, te Rustenburg onder voorsitterskap van ds. G. W. Smits vergader. Ds. N. J. van Warmelo het as skriba gefungeer daar ds. A. J. Begemann reeds in die kommissie van ondersoek gehandel het. Die ander lede was ouderlinge P. P. Roets van Heidelberg, A. P. Cronje van Potchefstroom, — hy was die vader van die latere gen. Piet Cronje, — en H. P. Potgieter van Rustenburg. Ds. Van der Hoff was ook teenwoordig om hom voor die kommissie teenoor sy beskuldigers te verantwoord. Die uitspraak was as volg:

Zitting der Commissie van de Alg. Kerkvergadering der Zuid-Afrikaansche Republiek, te Rustenburg 26 Junij 1865, regtsprekende in naam der Algemene Kerkvergadering, geeft de volgende uitspraak inzake F. Vermaak, ouderling, en H. D. Sassenberg, beide van M.W.Stroom, aan de eene zijde, tegen den WelEerw. Heer D. van der Hoff predikant van Potchefstroom aan de andere zijde.

De Commissie, de klagt der Heeren F. N. Vermaak ouderling lid van de Ned. Herv. Gemeente te M.W.-

Stroom tegen den predikant D. van der Hoff wegens onregtzinnigheid in de leer, het verslag der Commissie van onderzoek gezien, den Heer van der Hoff gehoord en de documenten onderzocht hebben, verklaart eenstemmig dat de Heer van der Hoff op den 23sten October 1864 te M.W.Stroom niet heeft geleerd wat strijdig is met den Bijbel, en zij is dus van oordeel dat de klagers hunne aanklagt niet voldoende hebben gestaafd, en dat dus de beschuldiging is van de hand gewezen.

De Commissie overwegende dat de klagers, tot twee maal toe gedagvaard zijnde, niet zijn verschenen, betreurt het dat zij aldus geen gehoorzaamheid willen toonen aan de wettige regtsmagt der Ned. Hervormde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek;

De Commissie spreekt haar gevoelen uit over den eisch, door klagers gedaan, dat twee buitenlandsche predikanten zouden worden verzocht om zitting te nemen in de vergadering, die hunne klagt zoude onderzoeken; en houdt deze eisch voor strijdig met onze kerkelijke reglementen; en als minachting en wantrouwen uitdrukkende tenopzigte van ons kerkbestuur;

De Commissie geeft het als haar gevoelen te kennen, dat al had de kerkeraad van M.W.Stroom den eisch toegestaan dat de vergadering van onderzoek op M.W.-Stroom zou gehouden worden en dat twee buitenlandsche predikanten tegenwoordig zouden zijn, de kerkeraad volstrekt geen magt had dien eisch toe te staan en dat verzoek in te willigen;

De Commissie neemt kennis van het feit dat de oorspronkelijke klagt geteekend is alleen door de heeren F. N. Vermaak en H. D. Sassenberg, terwijl het laatste antwoord op de tweede dagvaarding geteekend is door nog twee andere leden, zijnde G. J. Visage en G. J. Viljoen, diakenen van M.W.Stroom, en zij oordeelt dus dat de twee nieuwe onderteekenaars instemmen én met de klagt zelve én met het verzet tegen ons kerkbestuur door de weigering om te verschijnen indien de twee buitenlandsche predikanten niet aanwezig zijn.

De Commissie neemt in aanmerking dat vele tegenstrijdige berigten in de verslagen gevonden worden, waaromtrent alleen inlichtingen kunnen worden gegeven, indien beide partijen, behoorlijk met getuigen voorzien, alhier tegenwoordig waren. Zij is dus niet instaat om een juist oordeel te vormen van de plaats gehad hebbende gebeurtenissen.

De Commissie is van oordeel dat ieder betoond verzet tegen de regtsmagt onzer kerk, en iedere miskenning van ons gezag in deze Republiek naar de wet moet worden bestraft. Daar nu de beschuldigers duidelijk getoond hebben geen onvoorwaardelijke gehoorzaamheid te willen bewijzen aan onze kerkelijke wetten, zoo besluit de commissie, alle omstandigheden in aanmerking nemende, volgens art. 48 bls. 26 onzer gewijzigde kerkwet, dat aan de heeren E. N. Vermaak, H. D. Sassenberg, G. J. Viljoen, G. J. Visagie eene ernstige vermaning zal worden toegediend om zich voortaan te onthouden van eenig verzet tegen het wettige kerkbestuur in deze Zuid-Afrikaansche Republiek, en der gemeente met een goed voorbeeld voor te gaan.

Gedaan te Rustenburg 26 Junij 1865 in de Commissie zitting der Alg. Kerkvergadering.

G. W. SMITS, h.t. Praeses.
N. J. van WARMELO, h.t. Scriba.
P. P. ROETS.
A. P. CRONJE.
H. P. POTGIETER.

Ds. van Warmelo het as skriba op 30 Junie 1865 'n skrywe aan Vermaak, Visagie, Viljoen en Sassenberg gerig en hulle daarin die besluit van die Kommissie meegedeel, en die volgende vermaning hieraan toegevoeg:

Mijne broeders! met droefheid in het hart heb ik van deze geheele zaak kennisgenomen, en van hare gevolgen die nu reeds in de Gemeente M.W.Stroom zichtbaar zijn.

Aan elke Christen betaamt het zich te houden aan de Bestuurders, die boven hem gesteld zijn, en onderdanig

te wezen aan de wet, die hy eenmaal heeft beloofd te zullen gehoorzamen.

Ik vermaan u dus mijne Broeders! En ik doe dat in den geest der broederlijke liefde, en den grooten Meester navolgende, van Wien wij leeren moeten zachtmoedig te zijn, en nederig van harte, u voortaan te onthouden van alles, wat zelfs den schijn zou kunnen hebben van het verzet tegen het wettige kerkbestuur der Nederd. Hervormde Kerk dezer Republiek, — en u toe te leggen op de beoefening der godzaligheid, waarvan de kenmerken zijn: vrede, liefde, eensgezindheid, geloof.

Mogt het onderzoek der waarheid u verder en dieper in de waarheid leiden, en gij vooruitgaan in de kennis van het woord der goddelijke genade, van de Heilige Schriften, die u wijs kunnen maken tot zaligheid. Herinnert u het veel beteekenende woord: „Wij kennen ten deele en wij profeteeren ten deele," en vooral bidt, bidt vurig dat de Heilige Geest uwe harten moge verlichten, besturen en vertroosten. God zal uw gebed verhooren, indien gij ernstig erom bidt en mogt het den Heer der Gemeente behagen uwe harten zoo te rigten dat gij met een opregt en waarachtig geloof u betoont als een waar discipel van Jezus Christus, vol des Heiligen Geestes, vol des Geloofs, vol der liefde; ik zoude mij als een broeder over u verheugen en God danken dat hij zijne genaderijke hand over ons blijft uitstrekken, en de Gemeente van Jezus Christus doet bloeijen en groeijen ook in deze Republiek.

Vertrouwende dat deze letteren met zachtmoedigheid door u ontvangen zullen worden, heb ik de eer mij met heilbede te noemen.

Eerwaarde en Weledele Heeren!
U Eerwaardes en WelEdeles dw. dr.
Namens de Commissie:
N. J. VAN WARMELO,
h.t. Scriba.

Die saak was hiermee nog nie uit die wêreld nie. Ouderling Vermaak en die twee diakens G. J. Viljoen en G. J. Visagie wou hulle gewoonweg nie aan die besluit

van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering onderwerp nie en het hulle nie aan die vermaning gesteur nie. Hulle het hul gewoonweg aan die Hervormde Kerk onttrek en het saam met Sassenberg hulle deur ds. Cachet laat meesleep.

Op 6 en 7 Januarie 1866 sou op Wakkerstroom weer kerkviering wees onder leiding van ds. Van der Hoff, wat van die Algemene Kerkvergadering wat intussen gesit het, opdrag gekry het om 'n nuwe kerkraad te laat kies. Cachet het reeds Donderdag 4 Januarie na Wakkerstroom gegaan en het Vrydagmore, nog vóór die aankoms van ds. Van der Hoff, Vermaak na ouderlinge Pieter Stoop en Wynand Pretorius gestuur om die sleutel van die kerk te kry en sodoende van die gebou besit te neem. Ouderlinge Stoop en Pretorius het egter geweier om die sleutel af te gee, en toe het Vermaak 'n ander sleutel gekry wat gepas het, en die kerk oopgesluit en toe met Cachet se mense daarin vergader. Ouderlinge Stoop en Pretorius het toe by die veldkornet gaan hulp soek, waarop laasgenoemde saam met die assistent veldkornet na die kerk gegaan het en Cachet met sy paar aanhangers beveel het om die gebou te verlaat, wat hulle wel moes doen. Hy praat van liggamelike belediging wat hy ondervind het. Ds. Van der Hoff het dieselfde dag ook op Wakkerstroom aangekom en die kerkviering het gewoon deurgegaan.

Cachet het op Vrydag 5 Januarie deur Frans Vermaak, G. J. Viljoen, G. J. Visagie en C. Labuschagne 'n besluit laat neem dat hulle die wettige kerkraad is en hulle het die volgende dag hulle eerste kerkraadsvergadering onder voorsitterskap van Ds. Cachet gehou. Hulle het gemaak of die kerkraad wat vanaf die stigting van die gemeente in 1861 onafgebroke bestaan en gefunksioneer het, nie meer daar was nie, en of hulle die egte kerkraad was, en wel van die Ned. Gereformeerde gemeente van Wakkerstroom waarvan ds. Cachet homself konsulent gemaak het! Maar so'n Ned. Gereformeerde gemeente van Wakkerstroom het nooit bestaan nie, vroeër nie en ook later nie! Hierdie selfgemaakte kerkraad sonder

gemeente het op 24 Februarie 1866 nog 'n keer onder voorsitterskap van die selfgemaakte konsulent, ds. F. Lion Cachet vergader, toe Sassenberg ook ouderling gemaak is. Maar dit was die laaste maal wat dit vergader het. Dit was toe klaar. Die gemeente Wakkerstroom wou hulle nie volg nie en ds. Cachet het later geskryf: „Het werk te Wakkerstroom heeft geene goede vruchten voor onze kerk afgeworpen, er was te veel vreemd vuur op het altaar." Slegs 'n paar mense is deur ds. Cachet afvallig gemaak maar hulle het hom al gou losgelaat en hulle op kerkelik gebied heeltemaal afsydig gehou. In 1869 het hulle 'n sendeling uit die Kaapkolonie laat kom, die Eerw. J. R. Keet wat in 1848 as godsdiensonderwyser en oefenaar in Swellendam aangestel is en in 1859 tot sendeling bevorder is en in 1864 hom by die Independente Kerk Genootskap aangesluit het en in verband daarmee 'n sendinggemeente op Bredasdorp gestig en is daar georden. Hy het die paar mense in Wakkerstroom ook tot 'n Independente gemeente georganiseer en daarin, volgens Cachet, „zeer twyfelachtige leden" opgeneem. Mens vra hom af wat Sassenberg, Vermaak, Viljoen en Visagie van hierdie opmerking van Cachet sou gedink het as dit onder hulle oë sou gekom het.

Die Hervormde gemeente Wakkerstroom het deur hierdie voorval geen skade gely nie. Die mense het standvastig gebly. Pieter Stoop het nog tot 6 Oktober 1876 ouderling gebly toe hy weens sy swak oë moes bedank. Ook na die kerkvereniging het hy nog die Hervormde Kerk trou gebly. Op 19 Aug. 1897 is hy oorlede.

Vir ds. Van der Hoff sou die voorval nog 'n nasleep hê, maar plaasruimte maak dit nie moontlik om dit hier te beskryf nie. Dit moet wag vir 'n volgende keer.

P. S. P. E.

DIE NED. HERVORMDE KERK EN DIE POLITIEK

Meermale word die aandag daarop gevestig dat die Ned. Hervormde Kerk nie metodisties van aard is nie en ook nie neo-kalvinisties nie. Die gevaar van alle metodisme is dat dit die karakter van die Kerk bedreig, dat dit die Kerk tot 'n instituut van sosiale sake wil maak. Die metodisme stel die bekering voor die wedergeboorte en neem dus die bekering en die doen van goeie werke as uitgangspunt, terwyl die Heidelbergse Kategismus die goeie werke neem as die uiteindelike vrugte van die dankbaarheid wat op die geloof en die wedergeboorte volg. Die metodisme gaan uit van allerhande raak-nie en smaaknie en roer-nie-aan gebooie, vraag of dit sonde is om te rook of om in alle matigheid 'n glas wyn aan tafel te drink. Die metodisme val die Regering dikwels lastig met versoeke oor sosiale wetgewing om maatskaplike euwels te bedwing, en wil die Regering van die dag maar al te graag die wet voorskryf. Die gevaar hiervan is dat die metodisme baie maklik op die terrein van die Staat sy voet neer sit, met die gevolg dat dit 'n reaksie het en dat staatkundige of politieke stoornisse hulle weerklank in die Kerk vind.

Die neo-kalvinisme is niks anders dan 'n protestantse skolastiek nie. Dit is aggressief van aard en wil heers, ook oor die Staat. Die neo-kalvinisme het artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis losgelaat en die Kerk en Staat finaal van mekaar geskei. Die Staat is dan feitlik 'n instelling wat God nie ken nie, 'n neutrale kleurlose godsdienslose instituut. Dit wek dan die verleiding dat die Kerk hom nie alleen bô maar ook dikwels teenoor die Staat stel, waardeur 'n botsing kan ontstaan.

Die Hervormde Kerk se standpunt is heeltemaal anders. Nie metodisties nie en ook nie neo-kalvinisties.

Die Hervormde Kerk wil vashou aan artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Volgens hierdie artikel word dit aangeneem dat Kerk en Staat wel onderskei moet

word maar nie geskei nie. Altwee is uit God, die eenheid lê in God. Die Kerk en die Staat het 'n verpligting teenoor mekaar. Die Kerk moet volgens die avondmaalsformulier help waak teen sektes en muiterye in kerklike en wêreldlike regering. Die Kerk het die plig volgens die formulier van bevestiging van die dienare van die woord, om vir die wêreldlike owerheid te bid, al verskil die lede van die Kerk ook heeltemaal met die staatkundige beleid van die persone wat op 'n gegewe oomblik die wêreldlike owerheid vorm. Dit is wat Christus ons leer, dit is die standpunt van Paulus. Dit is wat Calvyn beklemtoon het.

Die Staat het van sy kant ook 'n verpligting teenoor die Kerk. Dit het nie 'n reg *in* die Kerk nie maar *om* die Kerk, soos die Algemene Kerkvergadering dit in Desember 1857 uitgespreek het. Net so min as wat die Kerk hom met inwendige Staatsaangeleenthede mag bemoei, net so min mag die Staat hom met inwendige kerklike sake bemoei. Maar waar dit die Kerk se taak is om die Staat te steun en vir die Owerheid te bid, daar is dit die taak van die Staat om dit vir die Kerk gemaklik te maak om die Evangelie te verkondig en desnoods ook stoflik te help soos in ons land in die verlede baie gebeur het en nou ook dikwels nog gebeur.

Die Hervormde Kerk het hierdie beginsel altyd met klem gehandhaaf. Nooit is uit die oog verloor nie dat Kerk en Staat nie geskei maar wel onderskei moet word. Hierdeur was daar in die Hervormde Kerk dan ook nog nooit enige skeuring wat sy oorsaak in 'n politieke verdeeldheid gehad het nie. Selfs nie in die dae toe die Hervormde Kerk die Staatskerk was nie. Politieke storms het nog nooit die Kerk beskadig nie. En daar was in ons land al baie sulke politieke orkane. Die ergste was dit miskien in die jare 1860 tot 1863 toe daar rewolusie en opstand was wat in 'n volslae burgeroorlog oorgeslaan het omdat die mense dit nie kon eens word nie oor die vraag wie Staatspresident moes wees.

In 1915 was daar ook baie moeilikhede, maar deur die besliste en kragtige leiding van die Kommissie van die Algemene Vergadering wat die kerklike beginsel sterk na

vore gebring het, is die Kerk nie beskadig nie. Die Kommissie het op 5 Mei 1915 in Johannesburg 'n samekoms belê waarop verskillende predikante en kerkraadslede aanwesig was, persone van teenoorgestelde politieke beskouings. Daar het 'n baie goeie gees in die byeenkomste geheers en 'n herderlike brief aan die lede van die kerk is opgestel en deur alger wat die vergadering bygewoon het, geteken. Hierdie brief het as volg gelui:

Geliefde Broeders en Zusters in den Heer!

I. Gods Woord leert ons: *God is geen God van verwarring, maar van vrede,* I Corinthen 14:33; ook moeten wij nooit vergeten dat het Koningrijk Gods hooger is dan de Koningrijken dezer wereld, en dat wij daarom geen dingen van wereldsche politiek in de Kerk moeten brengen.

II. Waar het in den laatsten tijd openbaar is geworden dat de geest van den Satan de volkeren verdeelt en de menschen tegen elkaar opzet, moeten wij als Kerk van Jezus Christus den geest van Christus in ons en in de Kerk laten heerschen, waardoor de geloovigen vereenigd worden tot één lichaam zooals Paulus zegt: I Corinthen 12:12: *„Want gelijk het lichaam één is, en vele leden heeft, en al de leden van dit eene lichaam, vele zijnde, maar één lichaam zijn"* vs. 14, *„want ook het lichaam is niet één lid, maar vele leden"*: en vs. 25, 26 en 27: *„opdat geen tweedracht in het lichaam zij, maar de leden voor elkander gelijke zorg dragen; en hetzij dat één lid lijdt, zoo lijden alle leden mede; hetzij dat een lid verheerlijkt wordt, zoo verblijden zich alle leden mede; en gijlieden zijt het lichaam van Christus, en leden in het bijzonder.*

III. Geliefde Broeders en Zusters! Zoo ooit, dan vooral in dezen tijd is het noodig, dat wij bedenken, dat wij en in huis en in onze godsdienstoefeningen gedurig bidden: *„Vergeef ons onze schulden, gelijk ook wij vergeven onze schuldenaren,"* gelijk het aller volmaakste gebed ons leert, en dat Apostel Paulus ons leert en vermaant in Kolossensen 3:13, *„Verdragende elkander en vergevende de een den ander, zoo iemand tegen iemand eenige klacht heeft; gelijkerwijs als Christus U vergeven heeft, doet gij ook alzoo."*

IV. Deze dingen overwegende gevoelen wij ons gedrongen onze schuld gezamelijk voor God te belijden, daarin dat de Kerk en ook wij persoonlik, niet beantwoord hebben aan deze roeping. Laten wij de ellende, waarin wij verkeeren, niet wijten de een aan den ander, maar ons persoonlijk voor God verootmoedigen, gelijk wij ook lezen in Jeremia 4:18: *„Uw weg en Uwe handelingen hebben U deze dingen gedaan; dit is Uwe boosheid, dat het zoo bittter is, dat het tot uw hart raakt.*

V. Wij wenschen u te wijzen op wat wij lezen, Mattheus 1:15 en volgende verzen: *„Indien Uw broeder tegen U gezondigd heeft, ga heen bestraf hem tussen U en hem alleen; indien hij U hoort, zoo hebt gij Uwen broeder gewonnen; maar indien hij U niet hoort zoo neem nog een of twee met U; opdat in den mond van twee of drie getuigen alle woord besta. En indien hij hun geen gehoor geeft, zoo zeg hij der gemeente; en indien hij der gemeente geen gehoor geeft zoo zij hij U als de Heiden en de tollenaar."* Wanneer wij allen handelden overeenkomstig dit woord van Christus, zou er veel openbare ergernis worden voorkomen, en liefde, vrede, en wederzijdsche achting zou opnieuw gaan heerschen onder ons.

VI. Wat betreft de viering van het Heilig Avondmaal, willen wij de gemeenten en de Kerkeraden met alle nadruk opwekken dit niet te verzuimen, ter wille van politieke verschillen, maar ons te stellen op het hoogere standpunt van het Avondmaal Formulier, waar dit zegt: *„Wij komen niet tot dit Avondmaal, om daarmede te betuigen, dat wij in ons zelven volkomen en rechtvaardig zijn; maar integendeel, aangezien wij ons leven buiten ons zelven zoeken, zoo bekennen wij daarmede dat wij ons midden in den dood liggen,"* en *„daarbenevens, dat wij ook door denzelven geest ondermalkander, als lidmaten van één lichaam in waarachtige broederlijke liefde verbonden worden; gelijk de heilige Apostel spreekt: Eén brood is het, zoo zijn wij velen één lichaam, dewijl wij allen aan één brood deelachtig zijn. Want gelijk uit vele graankorrels één meel gemalen en één brood gebakken*

wordt, en uit vele beziën, saamgeperst zijnde één wijn en één drank vliet, en zich onder een vermengt; alzoo zullen wij allen, die door het waarachtig geloof Christus ingelijfd zijn, door broederlijke liefde om Christus onzes lieven Zaligmakers wil, die ons te voren zoo uitnemend heeft liefgehad, allen samen een lichaam zijn en zulks niet alleen door woorden maar ook met de daad jegens elkander bewijzen! Daarom dringen wij er in de liefde van Christus op aan, dat wij allen toch trachten, elke verdeeldheid en oorzaak van verwijdering, te weren, van harte samen werkend tot heil der kerk, tot stichting der gemeente en tot opbouwing van elkander en tot verheerlijking van *Christus* onzen *Heer*.

Mochten in een of ander gemeente alle middelen en wegen tot herstel van de vrede mislukt zijn, dan is de Commissie der Algemeene Kerkvergadering bereid hare diensten aan te bieden ten einde een bevredigende oplossing te helpen vinden.

Deze vergadering verzoekt aan alle kerkelike vergaderingen met den grootsten aandrang in dezen onzekeren tijd geene beslissingen te nemen die een nadeeligen invloed kunnen hebben op het welzijn van kerk en gemeente.

Aldus besloten in onze bijeenkomst op den 5den Mei 1915 te Vrededorp door ons, die zich met hoogachting en heilbede noemen,

Uw dienaren en Broeders in Christus,
De Commissie der Algemeene Kerkvergadering:

C. W. du Toit, Voorzitter.
Jac. van Belkum, Scriba.
M. J. Goddefroy.
A. D. W. Wolmarans.
N. M. Prinsloo.
H. C. van der Merwe.
F. W. Ernst.

De leeraren der verschillende gemeenten:

P. van Drimmelen, van Zoutpansberg.
L. E. Brandt, van Johannesburg.
J. H. Greyvenstein, Th. Dr. van Pretoria.

A. Murray, van Rustenburg.
J. J. Prinsloo, van Standerton en Bethal.
P. W. Ennis, van Klerksdorp.
K. T. van den Heever, van Makwassie en Wolmaransstad.
S. J. Strijdom, van Krugersdorp.

De afgevaardigden van de Gemeenten:

J. C. Coetsee, van Marico.
Jan Duvenage, van Pretoria.
C. R. Frowein, van Pretoria.
J. M. Nortje, van Krugersdorp.
G. P. Brits, van Krugersdorp.
N. S. Grobler, van Ermelo.
M. Bos, van Ermelo.
A. H. Klazinga, van Lichtenburg.
M. P. Basson, van Lichtenburg.
S. H. Visser, van Lichtenburg.
G. J. Engelbrecht, van Standerton.
B. S. J. Herbst, van Johannesburg.
A. S. Scholtz, van Johannesburg.
M. P. D. Everts, van Johannesburg.
C. P. S. Barnard, van Oost Rand.
H. J. J. Viljoen, van Oost Rand.
F. C. J. Cloete, van Oost Rand.
W. J. Opperman, van Vereeniging.
J. P. Cronje, van Vereeniging.
H. Hofland, van Lijdenburg.
H. Ahlers, van Lijdenburg.
J. H. Vorster, van Middelburg.
A. J. H. Esterhuysen, van Klerksdorp.
J. H. Joubert, van Zwartruggens.
H Pieterse, van Ventersdorp
J. A. du Toit, van Witpoort.
A. J. G. Oosthuisen, van Potchefstroom.
J. J. Swart, van Venterskroon.
D. F. Kruger, van Venterskroon.
W. J. J. Basson, van Heidelberg.
P. R. Viljoen, van Heidelberg.
P. L. Moolman, van Memel.

In die begin van hierdie herderlike brief lê die beginsel van die Hervormde Kerk uitgedruk: *het Koningrijk Gods is hooger dan de koningrijken dezer wereld, en daarom moeten wij geen dingen van wereldsche politiek in de Kerk brengen.*

Die Kerk is die bruid van Christus wat op die koms van haar Bruidegom wag, en die koms moet voorberei, en daarom het die Algemene Kerkvergadering van 1922 in 'n herderlike brief van daardie jaar geskryf: *Wij gelooven, dat het in het belang is van het geestelijke leven van de gemeente, indien zoowel Predikanten als Kerkraadsleden zich onthouden van het openlijk deelnemen aan partij politiek.* Wanneer hierdie besliste standpunt losgelaat word loop die Hervormde Kerk gevaar om deur skeurings bedreig te word. Laat ons dan nooit vergeet dat ook die Hervormde Kerk deel is van die een heilige algemene Christelike Kerk, die Bruid van Christus wat nie deur 'n aardse politiek geskend mag word nie.

Elke burger van die land is volkome vry om volgens sy insig en sy oortuiging aan watter politieke party hy goeddunk te behoort, maar die Kerk as Kerk ken geen politieke partye nie. Die Kerk mag hom deur geen enkele politieke party die wet laat voorskryf nie. Die Kerk moet hom alleen deur die Woord van God laat regeer. Die Kerk mag nie bid vir die koms van hierdie of daardie politieke party nie, maar mag en moet alleen bid vir die koms van die Koninkryk van God. Hierdie koninkryk is wel in die wêreld maar nie van die wêreld nie. Geen lid van die Kerk mag dan ook toelaat dat daar 'n verwydering kom tussen hom en 'n ander lid van die Kerk nie vanweë 'n verskil op die gebied van die party politiek. Nogmaals: die Kerk, die Bruid van Christus, mag nie deur 'n aardse politiek geskend word nie.

S.P.E.



PIETER JOHANNES GROBLER,
geb. Botha.



NICOLAAS H. J. F. VAN HEERDEN
en DOROTHEA VAN HEERDEN,
geb. Potgieter.

'N DOGTER EN 'N KLEINDOGTER VAN HENDRIK POTGIETER.

Op 27 Maart 1842 is die eerste kinders in Transvaal gedoop, en wel deur ds. Lindley. Die doopregister is die eiendom van die Ned. Hervormde gemeente van Potchefstroom. Die eerste naam in hierdie register is die van *Dorothea*, gebore 7 Mei 1841, dogter van generaal Andries Hendrik Potgieter en Elizabeth Helena Potgieter, geb. Botha. Die doopgetuie was Abraham Pelzer en sy vrou Gertruida Pelzer geb. Potgieter. Laasgenoemde was ook 'n dogter van Hendrik Potgieter. Ons druk hier die portret van Dorothea Potgieter af, die eerste dopeling onder die Voortrekkers in Transvaal. Sy is later getroud met Nicolaas Hendrik Johannes Frederik van Heerden en het op die plaas Kromkloof in die distrik Waterberg gewoon. Sy het ook na die kerkvereniging van 1885 getrou gebly aan die Hervormde kerk. In 1924 is sy oorlede.

Die ander portret is van *Pieter Johannes Grobler*, geb. Botha. Sy was 'n kleindogter van generaal Hendrik Potgieter. Haar ouers was Pieter Johannes Botha en Petronella Margaretha Botha, geb. Potgieter. Haar vader, Pieter Johannes Botha, dus 'n skoonseun van Potgieter, is in Oktober 1836 in die slag van Vegkop gesneuwel, en 'n paar maande later is sy dogter gebore en het die naam *Pieter Johannes* gekry, die naam van haar oorlede vader. Sy is later getroud met Pieter Grobler en het tot die Witfonteinse gemeente behoort wat in 1886 met die kerkvereniging so'n besliste houding ingeneem het. Op 20 Maart 1899 is sy oorlede. Ouderling Frederik Grobler van Koedoesrand is 'n seun van haar.

S.P.E.

DIE STRYD OOR DIE ALTAAR VAN DIE OORWINNINGSGODIN.

'n Episode uit die ou Kerkgeskiedenis.

Die wrede vervolginge van Christene deur Romeinse keisers is beëndig toe Konstantyn die Grote in die begin van die 4de Eeu na Christus die troon van die Romeinse Ryk bestyg het. Konstantyn was self 'n Christen—die eerste Christen wat oor die Romeine geheers het, en dit is dus vanselfsprekend dat die Kerk gedurende sy regering 'n geweldige bloeiperiode beleef het. Alhoewel byna al sy opvolgers die godsdienspolitiek van Konstantyn voortgesit en die Kerk begunstig het, moes daar nog meer as 'n eeu verloop voordat die Christelike Kerk staatskerk geword het. Die heidense godsdiens het so'n magtige houvas gehad op die openbare en privaat lewe van die Romeine dat die Christelike Keisers genoodsaak was om die ou nasionale godsdiens baie geleidelik af te skaf. Afgesien hiervan was daar 'n aantal aristokrate en invloedryke persone wat hulle beywer het vir die handhawing van die heidendom. Hierdie groot menere het dikwels gebots met die leiers van die Kerk wat die heidense invloede met alle mag bestry het. Gevolglik het daar gedurende die vierde eeu 'n intense stryd gewoed tussen die steeds groeiende Christendom en die sterwende heidendom. Die aard van hierdie stryd, die wapens wat gebruik is, en die gesindheid van betrokke partye teenoor mekaar, word mooi geïllustreer deur die twis wat ontstaan het oor die beeld en altaar van Viktoria, die Oorwinningsgodin.

Die beeld van die Oorwinningsgodin het vir 'n tydperk van byna vierhonderdjaar in die Senaatsaal in Rome gestaan. Hierdie beeld het 'n lang geskiedenis gehad: dit was 'n Griekse kunswerk wat die Romeine in die stad Tarente gevind het toe hulle dit in die jaar 272 voor Christus verower het. In 31 na Christus het Keiser Augustus besluit om dit bo-op 'n altaar in die vergaderaal van die senatore te plaas. Vanaf daardie tyd het dit gebruiklik geword dat elke senator voor 'n raadsitting 'n korreltjie wierook op die altaar moes brand. Dit het die indruk geskep dat die vergaderings onder beskerming van die godin gehou is. Die senatore het ook hulle hande na haar toe uitgestrek as hulle moes trou sweer aan 'n nuwe keiser of as hulle moes bid vir die welsyn van die keiser en die voorspoed van die Ryk. Hierdie seremonies het sonder onderbreking plaasgevind vanaf die dae van Augustus tot die oorwinning van die Christendom.

Gedurende die regering van Konstantius (dood in 361) die seun van Konstantyn is die altaar vir 'n paar jaar verwyder maar dit is egter weer in ere herstel deur keiser Julianus (361-363) wat 'n ywerige heiden was. Eindelik, in die jaar 382 het die Christen-keiser Gratianus (375-383) opnuut beveel dat die altaar en die beeld van Viktoria moes verwyder word en dat die heidense seremonies daaraan verbonde moes gestaak word. Die heidense senatore was baie verontwaardig oor hierdie belediging en het dan ook dadelik besluit om by die keiser protes aan te teken. Symmachus, die leier van die Senaat is eenparig gekies om die saak van die ou godsdiens namens die heidene by die Keiser te gaan bepleit.

Soos al sy mede-senatore was Symmachus lid van 'n beroemde ou familie. Hy was veral vermaard vir sy welsprekendheid en sy gehegtheid aan die ou heidense godsdiens van Rome. Weens sy verdraagsaamheid en geleerdheid was hy goed bevriend met heidene sowel as met Christene.

Symmachus se eerste poging om die Keiser te nader was egter heeltemal vrugteloos. Pous Damasus het Gratianus alreeds voorberei vir die afvaardiging, met die gevolg dat hy geweier het om na Symmachus se pleidooi te luister. Gedurende die volgende jaar het die Romeinse Ryk een ramp na die ander beleef. Die oeste was 'n mislukking. Rome is bedreig met hongersnood, daar het 'n burgeroorlog uitgebreek en Keiser Gratianus is vermoor. Die heidene het derhalwe besluit dat die tyd ryp

was vir 'n nuwe poging om die altaar en beeld van Viktoria te herstel. Symmachus wat weer afgevaardig is, het hierdie keer daarin geslaag om 'n onderhoud te verkry met Kalentinianus, die toenmalige keiser. Die beroemde toespraak wat hy by hierdie geleentheid gelewer het, het gelukkig bewaar gebly.

In die eerste plek herinner die redenaar die Keiser aan die politieke waarde van die altaar: „Waar sal ons voortaan die eed sweer dat ons aan u wette getrou sal bly en ons aan u woord sal onderwerp? Watter godsdienstige vrees sal die misdadiger ontsag inboesem en verhinder om te lieg wanneer hy getuienis aflê?" Die heiden se sterkste argument was egter die feit dat die ou godsdiensgebruike deur die outoriteit van die verlede gesteun is en derhalwe as heilig en onveranderbaar moes beskou word. Hy het ook daarop gewys dat die grootheid van die Romeinse Ryk te danke was aan die guns van die heidense gode. „Waarom", vra die spreker, „moet Rome op haar oudag afstand doen van die godsdiens wat haar instaat gestel het om die hele wêreld aan haar wette te onderwerp, en om Hannibal van haar mure af te verdryf? Dit sou voorwaar 'n skande wees om daardie gode te verloën en na soveel jare van godsdiens te verander." Symmachus het ook die keiser se aandag gevestig op die straf wat alreeds gevolg het op die verwydering van die beeld en altaar van Viktoria. „Die rampe van die afgelope jaar het reeds bewys gelewer hiervan; as gevolg van die heiligskennis is die oes verdroog. Die gode het alreeds wraak geneem, en daar sal nog meer rampe kom," het die heiden besluit.

Symmachus se redevoering is met aandag aangehoor deur die Keiser en sy raadsmanne, en dit is gladnie onwaarskynlik dat Valentinianus die moontlikheid oorweeg het om aan die heidene se versoek te voldoen nie.

Die optrede van Ambrosius, biskop van Milaan, het egter 'n ander wending aan die verloop van sake gegee. Toe Ambrosius verneem van die afvaardiging van Symmachus het hy dadelik 'n brief aan die Keiser gerig waarin hy Symmachus se argumente weerlê en Valentinianus aan sy plig as Christen herinner het. Die Biskop het

homself beskou as die boodskapper van God en die Keiser verseker dat hy uit die kerk geban sou word as hy aan die heidene se versoek voldoen. Ambrosius het verder aangetoon dat Symmachus se argumente oor die hulp en wraak van die gode ongegrond en dwaas was. „Hoe verklaar die heidene die swaar rampe wat die Romeine getref het voordat hulle in aanraking gekom het met die Christendom," het hy gevra; „waar was Jupiter, byvoorbeeld, toe die Galliërs Rome verbrand het?" Hy laat Rome self praat: „Waarom," vra die stad, „moet ek my elke dag met bloed bemors deur die voortdurende slagting van soveel offerdiere, terwyl dit alles tog niks help nie? Die oorwinning lê nie in die ingewande van diere nie maar in die dapperheid van die Romeinse soldate. Waarom herinner julle my gedurig aan die geloof van ons voorvaders? Ek haat die godsdiens van Nero. Ek het berou oor my vroeëre dwalinge; ek skaam my nie daarvoor om nog op my oudag van godsdiens te verander nie. Dit is geen skande om na 'n beter party oor te gaan nie. Dit is nooit te laat om nog te leer nie."

Ambrosius het verder aangetoon dat dit belaglik was om aan te neem dat die hongersnood van die vorige jaar die gode se straf was vir die verwydering van die altaar en beeld van die oorwinningsgodin. Die hongersnood was slegs van korte duur, en die onvrugbare jaar is gevolg deur 'n besondere voorspoedige een. Die oeste was nog nooit van te vore mooier nie, alhoewel die dekreet nog van krag gebly het en die Oorwinningsgodin nie in ere herstel is nie. „Al beweer mense," skryf Ambrosius, „dat die gebrek 'n bewys was van die toorn van die gode, dan moet hulle tog erken dat die oorvloed wat daarop gevolg het bewys dat hulle weer goed geword en niks meer verlang het nie."

Met betrekking tot die heidene se gehegtheid aan die verlede, het Ambrosius beweer dat die verlede nie die ideaal van die Christene was nie. As die heidene logies wou wees, moes hulle teruggaan na die begin van die wêreldgeskiedenis toe die mense nog onbeskaafd was. Hulle behoort dan die tyd toe die mense nog nie huise

gebou, of graan gesaai het nie, toe hulle nog in bosse gewoon en akkers geëet het, te verkies bo die hoë beskawing wat hulle alreeds bereik het. Volgens Ambrosius moet alle nuwighede nie veroordeel word nie. Die grootste van alle nuwighede, namelik die Christendom het betreklik laat in die geskiedenis verskyn omdat die wêreld lank op die dwaalpad verkeer het voordat dit tot volmaaktheid en rypheid geraak het en die Christendom kon ontvang.

Die argumente van Ambrosius het die verwagte uitwerking gehad op die Keiser en sy raadsmanne: Daar is besluit om nie aan die versoek van Symmachus te voldoen nie. Ambrosius, die kampvegter van die Kerk, het die vyand 'n gedugte neerlaag toegedien — 'n neerlaag wat uiteindelik gelei het tot die algehele uitdelging van die heidendom.

HILGARD MULLER.

Blijf, o God, in onze dagen
Voortgaan met uw heerlijk werk!
Doe ons moedig steenen dragen
Tot den opbouw uwer Kerk!
Geef ons met een rein vertrouwen
Op een vasten grond te bouwen!
Niet van eigen doen en kracht,
Slechts van U zij 't heil verwacht!

Welk een zegen zal ontspruiten
Door de werken uwer hand!
Waar G'uw bronnen wilt ontsluiten,
Groent alras het dorre land.
Alle volken zullen komen
En uw poorten binnenstroomen,
Knielen voor uw aangezicht,
Juichen in uw eeuwig licht.

DIE EENHORING.

As mens vandag na die apteek sou gaan en *poeier van eenhoring* vra teen maagsuur, dan sou die apteker jou met 'n troosmiddeltjie huis toe stuur, en jy sou maar glo dat jy die regte middel bekom het

En tog was daar 'n tydperk in die ontwikkelingsgang van die geneeskuns waarin die horing van die eenhoring 'n wêreldbekende middel was teen allerlei kwale, maar veral teen vergiftiging.

Die eerste beskrywing van die uiterlike voorkoms van die dier vind ons by die Romeinse skrywer Plinius, 'n man in wie se werke allerlei rariteite beskryf word. Die eenhoring lyk dan soos 'n perd, het die pote van 'n olifant, het die hals van 'n hert, die stert van 'n vark! Hierdie sonderlinge samestelling het net een horing in die middel van sy voorkop; die horing is vier voet lank.

Plinius se beskrywing berus waarskynlik op baie ouer bronne wat hy nie vermeld het nie. Trouens, ons lees alreeds in die boek Job van die eenhoring. In hoofstuk 39 vers 12, 13, waar die Afrikaanse vertaling vandag melding maak van 'n *buffel*, praat die ouer Nederlandse vertaling van *Eenhoorn*.

Die eenhoring moes dan volgens die oorlewering twee treffende kenmerke besit het: ontembaarheid, skuheid. En juis laasgenoemde eienskap het meegebring dat alhoewel daar miskien wel duisende horings, „egte" horings verhandel was, niemand ooit die dier self gesien het nie. Dit het dus vervalsing in die hand gewerk.

En tog was daar noukeurige voorskrifte hoe om die dier in die hande te kry. 'n Onbevlekte maagd moes in die bos vasgemaak word, naakt, en alleen gelaat word. Dan verskyn die dier, so mak as 'n lam en sonder die minste teken van eenkennigheid. Met sy kop gaan hy dan in haar skoot lê, en raak daar aan die slaap. Nou kan die jagters met veiligheid te voorskyn tree, die dier vasbind, sy horing afsaag, en hom laat loop.

Die horing was veral hoog geskat, nie net as teengif nie, maar as aanduider van gif. En dit was veral hooggeplaaste lui wat bang was vir gif in hulle ete en drinke: keisers, konings, pouse, biskoppe, ens. Die geskiedenis vertel dan ook van verskillendes van hulle wat 'n sousskippie van eenhoring op tafel aangehou het; aan die skippie was 'n dompertjie bevestig met 'n stuk ketting, en dit het die eienaar altyd eers in sy drank gedompel voordat hy daarvan gedrink het.

Sulke horings was duur. 'n Aantal Duitse koopliede wou van Pous Julius II 90,000 krone hê vir 'n gawe horing. Onder die skatte van Koningin Elisabeth in die Windsorkasteel, is ook 'n eenhoring wat £1000 werd moet wees!

Hierdie wonderdier is nie net 'n bekende in ons stamlande nie, maar dit word ook taamlik vroeg al vermeld in Suid-Afrika.

Thunberg vermeld al in 1773 in die buurt van die Kaap dat sowel die dorpenaars as die plaasbewoners die horings van die renoster bewaar nie net as rariteite nie, maar ook as geneesmiddels, en met die doel om gif aan te toon. Hy vermeld bevoorbeeld dat skaafsels van die horing 'n probate middel is teen trekkings by kinders, en dat as mens 'n drinkbeker laat draai uit so'n horing, dan het daardie beker die eienskap dat dit aan die bruis raak sodra daar 'n vergiftigde drankie in gegooi word. Die drank bruis so erg op dat dit selfs die beker laat oorloop. Uit die horings van jong renostertjies is drinkbekers vervaardig wat as geskenke gebied is aan konings, vooraanstaande persone, vriende, en hulle het 'n goeie prys gehaal — selfs tot 50 riksdaalders.

Let in hierdie verband veral op die feit dat Thunberg vermeld dat skraapsels van die horing aangewend word as geneesmiddel. Ons verwys weer later daarna.

'n Tweede reisiger, H. Lichtenstein, wat ook melding maak van die horing, het tussen 1803-6 aangedoen by Veldkornet Louw in die Roggeveld. Uit die Hollandse vertaling van sy reisverhaal haal ek die volgende aan in verband met die saak: „Als een aanmerkenswaardige bijzonderheid liet hij (Louw) ons eenen beker zien, die uit

het kleinste hoorn van een Afrikaanschen rhinoceros gesneden was, en welke naar het algemeen volksgeloof, de eigenschap bezit, om aan te wijzen of een vloeistof vergift in zich bevat. Indien men er, namelijk, zulk een vocht in giet, zoo verraadt zich het vergift van hetzelve daardoor, dat het sterk opbruist, en men kan alle soort van vocht, zonder eenig gevaar gebruiken, indien het in zulk eenen beker niet verandert. In der daad een gevaarlijk geloof, dat ik evenwel den eerlijken man vergeefs trachtte uit het hooft te praten." Lichtenstein het dus ook nie meer aan die wonderbaarlike eienskappe van sulke bekers geglo nie, maar Louw daarenteen onwrikbaar vas!

Onderaan hierdie bladsy in Lichtenstein se boek staan die volgende voetnoot: „In zekere Hoogduitsch *Verzameling van alle Reisbeschrijvingen* die in het jaar 1748 te Leipzig is begonnen uitgegeven te worden, wordt bladzij 408 des eersten deels, gezegd dat de Maleijers den rhinoceros voor het wijfje van den eenhoorn houden. Daarop volgen de woorden: Zij schatten deszelfs hoornen zeer hoog als middelen tegen allerlei soorten vergift. Het is daarom waarschijnlik dat dit bijgeloof der Maleische slaven in de volksplanting van de Kaap is overgebragt geworden." Die mening wat in hierdie voetnoot uitgespreek word aangaande die oorsprong van die geloof aan die eenhoring, word voldoende weerspreek deur ander bronne tot ons beskikking.

Tot diep in die negentiende eeu nog het die geloof aan die bestaan van die eenhoring bly voortleef in Suid-Afrika. Die volgende verklaring is afkomstig uit die dagboek van Carl Behrens, met betrekking tot die Groot Trek. Carl Behrens skryf dan op 10 Junie 1841: „Maar ek kan nie nalaat om ene karaktertrek van die Afrikaanse Boer te verhaal nie. Die meeste Boere, sowel hier (Natal) as aan die anderkant van die Drakensberg beweer dat die eenhoring werklik bestaan en voer dan as bewys daarvan aan hoe die Kaffers en Boesmans van verskeie streke teen klippe met swart stof eenhorings geteken het. Die afbeeldings is natuurlik baie onvolkome, en een daarvan, wat ek self gesien het, sien daar ongeveer uit soos hier-

naas (die tekening het hy ongelukkig nie ingesluit nie). Daar is Kaffers wat beweer dat hulle dit self gesien het. Naar my mening is dit evenwel niks anders as die wit renoster, wat 'n horing van twee voet lank voor die kop dra. In Kafferland, waar Silkaats regeer, werd 'n Engelse natuurvorser naar 'n kraal teruggeroep waar hy al twee dagreise van verwyder was, wyl hul voorgee dat hul 'n eenhoring gedood had. Toe hy daar aankom, klyk dit 'n antilope te wees, van wit kleur, waarvan een horing afgebreek was."

Hierdie berig van Behrens word op onverwagte wyse gestaaf deur 'n aantal gegewens wat „'n Hollander" byeengesamel het so omstreeks die jare 1850-60. Volgens hom het daar omtrent daardie tyd 'n verhaal geloop in Natal dat die Engelse kroon £40,000 uitgeloof het vir 'n lewende eenhoring. Hollander onthou goed hoe die mense destyds oor die saak geredeneer het as gevolg van gegewens wat inboorlinge uit verskillende dele van die land verstrek het. 'n Maatskappy, Unicorn Company Limited, sou gevorm word teneinde so'n dier te laat opspoor in die Drakensberge. Die planne is egter verongeluk deurdat die Basotoe-Opperhoof, Mosjesj, ná 1860 al meer en meer 'n dreigende houding begin aanneem het. Volgens beskikbare gegewens moes die maatskappy juis in Mosjesj se gebied die eenhoring gaan soek. Die natuurlike gevolg van sy houding was dat die maatskappy nooit gestig is nie.

Miskien moet sekere geneesmiddels in ons huidige Afrikaanse volksgeneeskuns teruggevoer word — ten dele dan altans — tot hierdie ou geloof wat geheg is aan die bestaan van die eenhoring. Die volgende raat is my toegestuur uit Paardeberg: as mens jou te goed gedoen het aan vetterige kos en jou maag maak beswaar daarteen, maak dan gebruik van 'n bok se horings. Maak daar skraapsels van, braai effens tot dit bruin is, trek dit op kookwater totdat die water vaalbruin van kleur is, en drink dan die vloeistof met skraapsels en al.

Ook die geskiedenis van die eenhoring lewer aan ons 'n duidelike voorbeeld van hoe die tyd werk met dinge

wat hulle ontstaan het in die verbeeldingswêreld van die mens en wat nie op grondige waarneming berus nie. 'n Tydlank gaan dit goed; daar kom selfs 'n tydperk van geweldige opbloei; maar dan kom die insinking, die dwaalspoor word duidelik, en die mens besef dat hy weer van vooraf aan moet begin. Dit is die paadjie van die beskawingsgeskiedenis, en langs daardie paadjie lê baie geraamtes — ook dié van die eenhoring.

ABEL COETZEE.

GERT LUCAS ROOS en sy eggenote
MARIA ADRIANA ELIZABETH v. d. MERWE.

Gert Lukas Roos is op 7 Des. 1866 op die plaas Driefontein distr. Marico gebore. In 1886 het hy in die huwelik getrek. In Oktober 1913 is hy as ouderling gekies en het as sulks onafgebroke gedien tot 1930. Op 6 Desember 1935 is hy oorlede. Sy eggenote het hom op 8 Junie 1940 gevolg.

S.P.E.



DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT TE PRETORIA.

Ons druk hier teenoor 'n portret af van die professore en die studente van die Teologiese Fakulteit (afdeling A, Ned. Hervormde Kerk) aan die Universiteit van Pretoria.

Voorste ry (links na regs): T. F. Dreyer, A. L. Dreyer, P. S. Grobler, P. T. T. Hattingh, J. H. van Staden, J. D. H. Smit.

Tweede ry: Prof. Dr. H. P. Wolmarans, Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, Prof. Dr. J. H. Greyvenstein, Prof. Dr. B. Gemser, Dr. A. van Selms, Prof. Dr. C. H. Rautenbach.

Derde ry: A. S. Geyser, H. J. Geyser, J. P. Labuschagne, G. J. J. Roos, A. J. van Staden, S. E. Young, W. J. Roos, H. M. R. Rex, G. C. Prinsloo.

Vierde ry: N. J. van Schalkwyk, W. P. v. d. Merwe, P. S. Dreyer, D. B. Snyman, T. N. H. Janson, P. M. Smith, A. J. Coetzee, J. A. Smit, R. A. Buitendag, P. G. van Staden, G. P. R. Dreyer, C. L. v. d. Merwe, N. M. D. D. Muller.

Dr. A. van Selms is op die oomblik vir die verdediging van sy vaderland in Nederlands-Indië. Dit is vurig te hope dat hy spoedig weer kan terug kom.

Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika.

Die Algemene Kerkvergadering.

Die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kom minstens een keer in die drie jaar byeen (art. 14 van die Kerkwet), en is saamgestel uit alle diensdoende predikante, en hoogstens twee ouderlinge en een diaken uit elke gemeente, asook die professore in die teologie van weë die Ned. Hervormde Kerk, en die emeriti-predikante, beide met adviserende stem. Die laaste Algemene Kerkvergadering het in Mei 1940 saamgekom.

Die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering:

Voorsitter: ds. J. J. Prinsloo (Rustenburg); sek. ds. S. Vermooten.
Vise-voorsitter: ds. A. J. G. Oosthuizen; sek. ds. D. F. Erasmus.
Skriba: ds. T. F. J. Dreyer; sek. ds. E. S. Mulder.
Vise-skriba: ds. J. G. M. Dreyer; sek. ds. P. W. Venter.
Ouderlinge: N. Prak; sek. F. R. P. Schutte.
B. Fouche; sek. T. G. J. Pistorius.
J. P. Prinsloo; sek. P. A. Ras.
J. C. Zwagemaker; sek. J. J. Prinsloo.
C. P. Engelbrecht; sek. T. F. Dreyer.
B. A. Naudé; sek. J. H. Snyman.

Die Finansiële Kommissie:

Prof. dr. B. de Loor (Voorsitter); prof. dr. C. H. Rautenbach; di. A. J. G. Oosthuizen; A. Ras; P. S. Grobler. (Skriba: J. H. Janson, Bus 19, Dullstroom).

Die Kuratorium:

Di. A. J. G. Oosthuizen (Voorsitter); J. G. M. Dreyer; J. J. Prinsloo (Rbg.); P. J. Smit; S. Vermooten; E. S. Mulder; Prof. B. de Loor (Skriba).

Die Kommissie vir Jeugwerk:

Di. P. W. Venter; D. F. Erasmus; J. D. Storm; L. M. le Roux; F. J. van Zyl; ouderlinge S. J. Botha en B. Fouche.

Die Kommissie vir Hervormer en Almanak:

Di. J. G. M. Dreyer en T. F. J. Dreyer; Professore dr. S. P. Engelbrecht; dr. B. Gemser; dr. H. P. Wolmarans; dr. H. M. v. d. Westhuizen, en mnr. J. H. Janson.

Die Regskommissie:

